Navorsinge

VAN DIE NASIONALE MUSEUM
BLOEMFONTEIN

VOLUME 28, DEEL4 DESEMBER 2012

Die rol van Charles (Charlie) Gustav Fichardt in Bloemfontein 1891-1923

deur

Hannes Haasbroek

NAVORSINGE VAN DIE NASIONALE MUSEUM, BLOEMFONTEIN is an accredited journal which publishes original research results. Manuscripts on topics related to the approved research disciplines of the Museum, and/or those based on study collections of the Museum, and/or studies undertaken in the Free State, will be considered. Submission of a manuscript will be taken to imply that the material is original and that no similar paper is being or will be submitted for publication elsewhere. Authors will bear full responsibility for the factual content of their publications and opinions expressed are those of the authors and not necessarily those of the National Museum. All contributions will be critically reviewed by at least two appropriate external referees. Contributions should be forwarded to: **The Editor, *Navorsinge*, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300, South Africa.** Instructions to authors appear at the end of each volume or are available from the editor.

NAVORSINGE VAN DIE NASIONALE MUSEUM, BLOEMFONTEIN is 'n geakkrediteerde joernaal wat oorspronklike navorsing publiseer. Manuskripte wat erkende studierigtings van die Museum omsluit en/of wat op die studieversamelings van die Museum gebaseer is en/of wat handel oor studies wat in die Vrystaat onderneem is, sal oorweeg word. Voorlegging van 'n manuskrip impliseer dat die materiaal oorspronklik is en geen soortgelyke manuskrip elders voorgelê is of voorgelê sal word nie. Outeurs dra die volle verantwoordelikheid vir die feitelike inhoud van hulle publikasies en menings wat uitgespreek word, is dié van die outeurs en word nie noodwendig deur die Nasionale Museum onderskryf nie. Bydraes sal vir kritiese oorweging na ten minste twee geskikte buite-beoordelaars verwys word. Manuskripte vir publikasie moet voorgelê word aan: **Die Redakteur, *Navorsinge*, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300, Suid-Afrika.** Voorskrifte aan outeurs verskyn afsonderlik aan die einde van 'n volume of kan van die redakteur verkry word.

ISSN 0067-9208

NAVORSINGE VAN DIE NASIONALE MUSEUM BLOEMFONTEIN

GEESTESWETENSKAPPE

VOLUME 28, DEEL 4 DESEMBER 2012

Die rol van Charles (Charlie) Gustav Fichardt in Bloemfontein 1891-1923

deur

Hannes Haasbroek

Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300, Suid-Afrika
Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
Epos: history@nasmus.co.za

OPSOMMING

Haasbroek, Hannes. Die rol van Charles (Charlie) Gustav Fichardt in Bloemfontein 1891-1923. *Navors. nas. Mus., Bloemfontein* 28(4): 49-83. Charles (Charlie) Gustav Fichardt (1870-1923) was een van die bekendste inwoners wat Bloemfontein uit die laat-republikeinse (1890-1902) en koloniale tydperk (1902-1910) opgelewer het en wat 'n besondere groot rol in die ontwikkeling van die stad op verskeie terreine gespeel het. Hierdie lewensverhaal van hom konsentreer hoofsaaklik op sy bydrae tot die stad as openbare figuur (onder andere stadsraadslid en burgemeester), asook sake-, kultuur- en sportman, sedert 1891 toe hy as jong man terug in Bloemfontein gearriveer het na studies oorsee, tot met Uniewording in 1910 toe hy as Volksraadslid verkies is. Vanselfsprekend moes hy toe as deel van die nasionale parlement bande met Bloemfontein afskaal. Volledigheidshalwe word die tydperk 1910 tot sy afsterwe in 1923 oorlangs aangeraak om sy verdere betrokkenheid by enkele belangrike momente in die stad en die Vrystaat se geskiedenis aan te dui. Hy was bekend vir sy humorsin en gemoedelike temperament waardeur hy meermale die wind uit menige antagonistiese opponent se seile geneem het.
(Charlie Fichardt, Bloemfontein, G.A. Fichardt Bpk., Anglo-Boereoorlog)

ABSTRACT

Haasbroek, Hannes. Die rol van Charles (Charlie) Gustav Fichardt in Bloemfontein 1891-1923. *Navors. nas. Mus., Bloemfontein* 28(4): 49-83. Charles (Charlie) Gustav Fichardt (1870-1923) was one of the best known personalities that Bloemfontein produced in the Late Republican (1890-1902) and colonial (1902-1910) periods. He played a particularly big role in various ways in the development of the city. This biography concentrates mainly on his contribution to the city as a public figure (including city councilor and mayor), as well as businessman, sportsman and man of culture, from 1891 when as a young man he arrived back in Bloemfontein after studying overseas, until the formation of Union in 1910 when he was elected a member of parliament of the Union of South Africa and had to scale down his attachment to Bloemfontein. For the sake of completeness, the period from 1910 to his death in 1923 is discussed briefly to point out his further involvement in certain important moments in the city and the history of the Free State. Fichardt was known for his sense of humor and easy-going temperament by which he frequently took the wind out of many an antagonistic opponent's sails.
(Charlie Fichardt, Bloemfontein, G.A. Fichardt Ltd, Anglo-Boer War)

ISBN 978 186847 1508

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 50
AGTERGROND 51
SAKE-, KULTUUR- EN SPORTMAN 56
BURGEMEESTER EN STADSRAADSLID (1894-1898) 63
ANGLO-BOEREOORLOG 66
STADSRAADSLID (1906-1907) 69
DIE POLITIEKE PAD, MAAR STEEDS DIENS AAN DIE GEMEENSKAP 72
AFSTERWE 76
SLOT 79
ERKENNINGS 80
BIBLIOGRAFIE 80

INLEIDING

Charles Gustav Fichardt (1870-1923) was een van die bekendste inwoners wat Bloemfontein uit die laat-republikeinse (1890-1902) en koloniale tydperk (1902-1910) opgelewer het en wat 'n besondere groot rol in die ontwikkeling van die stad op verskeie terreine gespeel het. In die omgang was hy as Charlie bekend en in die artikel sal ook so na hom verwys word om verwarring met sy groot en dinamiese familie te voorkom. Karel Schoeman merk tereg op: “Die gesin van die Staatspresident buite beskouing gelaat, was die mees prominente familie in die ou Bloemfontein ongetwyfeld dié van G.A. Fichardt; en as hulle in sekere sin as die koninklike familie van die Republikeinse Vrystaat beskou kon word, was die oudste seun, Charlie, die kroonprins.”[1]

Hierdie lewensverhaal van hom konsentreer hoofsaaklik op sy bydrae tot die stad as openbare figuur, sake-, kultuur- en sportman sedert 1891 toe hy as jong man terug in Bloemfontein gearriveer het na studies oorsee tot met Uniewording in 1910 toe hy as Volksraadslid verkies is en vanselfsprekend as deel van die nasionale parlement bande met Bloemfontein moes afskaal. Sy rol in die Anglo-Boereoorlog word ook bespreek. Volledigheidshalwe word ten slotte die tydperk 1910 tot sy afsterwe in 1923 oorlangs aangeraak om sy verder betrokkenheid by enkele belangrike momente in die stad en die Vrystaat se geskiedenis aan te dui. Sy betrokkenheid en bydrae as Suid-Afrikaanse parlementslid regverdig egter 'n volledige studie op sy eie en word derhalwe nie hier onder die loep geneem nie. Daar word slegs op sy politieke aspirasies gewys wat gelei het tot sy verkiesing as Volksraadslid vir Ladybrand.

Bronne van nut vir die skryf van hierdie werk was uiteraard argivale stukke soos vervat in onder andere stadsraadsdokumente en verskillende familie-aanwinste, asook toepaslike koerantberigte. Privaat dokumente wat al die jare in die Fichardt-familie se besit was en onlangs deur Zaza Pieterse (née Fichardt) vir hierdie navorsingsprojek oor Charlie beskikbaar gestel is, het insiggewende materiaal opgelewer en is ook aan die Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek oorhandig vir bewaring. Die geskrif *G.A. Fichardt Bpk., Bloemfontein, 1848-1948* wat tydens die bekende Fichardt-besigheid se 100-jarige bestaan verskyn het, was van groot waarde.

---

[1] K. Schoeman, *Boukunsskatte van die Vrystaat*, p. 76.

AGTERGROND

Charlie Fichardt (fig.1) is op 20 Maart 1870 in Bloemfontein gebore as die oudste seun van die Duitser Gustav Adolf Fichardt (1834-1900) en Caroline Beck (fig. 2) met haar Engelse agtergrond. Die geboorte het op sy pa se verjaarsdag plaasgevind. Tussen Charlie en sy ouers sou daar deur al die jare 'n baie goeie verhouding wees. Gustav Fichardt was toe reeds 'n baie welgestelde sakeman en eienaar van die bekende handelsfirma G.A Fichardt Bpk. in Bo-Kerkstraat na 'n beskeie begin in 1848 en hy sou 'n groot rol in die stad se ontwikkelingsgeskiedenis speel.[2]

Na Charlie het die volgende broers en susters hulle opwagting gemaak: Arthur Emanuel (1872), Herbert (Bertie) Lewis (1873), Everard (Timmie) Walter (1875) (figs. 2 & 3), Maude Geraldine (1877) en Ella Cecil (1884) (fig. 2). Dié groot gesin het gerieflik in die huis, bekend as Kaya Lami, neffens die besigheid gewoon (fig. 4) en in die 1890's is die huis vergroot om 'n oorweldigende herehuis te beslaan. Op die groot erf was 'n tennis- en kroukiebaan. Die Fichardt-kinders het sorgvrye en gelukkige kinder- en jeugjare geken. Op die familieplaas Brandkop net suid van die stad en wat in die 1860's deur Gustav bekom is, kon hulle hul ook in die natuur uitleef en die vryheid geniet wat 'n plaaslewe bied. Die stryd en armoede van die pioniersdae van die Vrystaat het agter die rug gelê en die republiek Oranje-Vrystaat (1854-1902) het onder die knap presidentskap van J.H. Brand (1864-1888) groot vooruitgang beleef en as die model-republiek bekend gestaan.[3]

As vooraanstaande inwoners – vir baie was hulle gelykstaande aan die aristokrasie van die Vrystaat – is daar stylvolle en deftige onthale by die Fichardts se Kaya Lami gehou waarheen die room van die stad genooi is. In die boek *Twentieth century impressions of the Orange River Colony and Natal* wat in 1906 verskyn het, word daar juis opgemerk: "First, then, Mr. C.G. [Charlie] Fichardt is a representative of a family which in South Africa occupies much the same position as in New York is socially enjoyed by the descendants of the old Knickerbocker [verwysing na aristokrasie] pioneers."[4] Soms het die oorvloedigheid wat dié familie verteenwoordig het sommige kuiergaste en besoekers oorweldig gelaat. Daar was diegene wat nie in die hoë kringe van die Fichardts beweeg het nie en uitgesluit was van al die geselligheide, verskans agter die hoë ringmuur van hul herehuis, wat geskinder het dat Gustav, sy vrou en hul ses kinders snobisties en hooghartig is.[5]

---

2 So was Gustav Fichardt van 1877 tot 1880 voorsitter van die raad van munisipale kommissarisse ('n posisie gelykstaande aan burgemeester) van Bloemfontein, voorsitter van die direksie van die Nasionale Bank en van 1884 tot 1885 nieamptelike lid van die uitvoerende raad van die Vrystaatse regering. Sy ruim finansiële skenking sou bydra om 'n groot gerieflike stadsbiblioteek moontlik te maak. Vgl. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* II, p. 239.

3 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 53; H. Haasbroek, *'n Seun soos Bram – Die lewe van Bram Fischer en sy ma Ella*, pp. 32-38; K. Schoeman (red.), *Pen Pictures of the past* (deur Maude Bidwell), pp. 17-18; D.A. van der Bank (red.), *A voice from Bloemfontein – The reminiscences of Gustav Adolph Fichardt* (Memoirs van die Nasionale Museum, Bloemfontein, 19), p. iii.

4 *Twentieth century impressions of the Orange River Colony and Natal*, p. 46.

5 K. Schoeman, *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 63.

Figuur 1: Charlie Fichardt in 1902.
(foto: Nasionale Museum, Bloemfontein)

Figuur 2: Gustav en Caroline Fichardt, die ouers van Charlie, saam met hul dogters Maude (agter links) en Ella (voor regs), asook hul jongste seun Everard, in 1897.
(foto: Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek, Bloemfontein)

Figuur 3: Charlie Fichardt (regs) in omstreeks 1890 saam met sy drie broers, van links Bertie, Everard en Arthur.
(foto: Nasionale Museum, Bloemfontein)

Deel van die Fichardt-kinders se lewe vir etlike dekades was Marie Anne Smith, bekend as Nakie. Sy was een van daardie merkwaardige vroue wat, hoewel sy 'n goewernante was, deur haar vriendelikheid, standvastigheid en blindelingse trou aan haar werkgewer 'n positiewe invloed gehad het op die Fichardts wat sy onbaatsugtig gedien het. Sy is deur Gustav Fichardt in 1880 in Engeland as goewernante vir sy kinders gewerf. Charlie was tien jaar oud toe hy sy ouers saam met die ander kinders op hierdie uitgebreide oorsese toer vergesel het. As oudste kind het Charlie die voorreg gehad om sy ouers na Berlyn te vergesel, terwyl hulle die jonger kinders in Londen agtergelaat het. Sodoende het hy reeds vroeg in sy lewe vertroud geraak met die groot wêreld buite sy eie beperkte lewenskring in Bloemfontein.[6]

Nakie was vir die Fichardt-kinders soos 'n tweede ma en hulle sou haar tot haar dood koester. Daarbenewens het sy die familie se lief en leed gedeel en hul deeglik onderskraag in al die ellende wat hulle deurgemaak het soos tydens die Anglo-Boereoorlog. Hoewel Engelssprekend was sy nes die Fichardts 'n groot voorstander van Afrikanerbelange. In die familie se invloedryke kringe is sy vanweë haar welmenendheid en vriendelikheid deur almal met die hoogste respek aanvaar. Geen wonder nie dat die Fichardt Estate later 'n lewenslange pensioen aan haar voorsien en Charlie aan haar 'n aftreehuisie beskikbaar gestel het. Met haar dood is sy in die familiebegraafplaas op Brandkop begrawe.[7]

---

6 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 55; Schoeman (red.) , *Pen pictures*, p. 46.

7 VPAB: *A* 328, 47, Fichardt & Daniels – M. Smith, 14.2.1907; *The Friend*, 22.2.1930; *Die Volksblad*, 22.2.1940; H. Haasbroek, Nakie Smit (1845-1947) – Goewernante van die bekende en welaf Fichardt-familie van Bloemfontein, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 24(2), Nov. 2010, p. 37; Haasbroek, *'n Seun soos Bram*, p. 189.

Figuur 4: Die Fichardt-winkel in die 1880's met die deftige Fichardt-woning, Kaya Lami, links sigbaar.
(foto: Nasionale Museum, Bloemfontein)

Charlie het sy skoolopleiding, net soos die ander Fichardt-seuns na hom, aan die bekende seunskool Grey-kollege deurloop en was bedrewe in Engels en Afrikaans. Daarna het die 17-jarige Charlie na Skotland vertrek vir opleiding in handelsbedryf en -administrasie aan die Blair-kollege. Hy het ook opleiding in Düsseldorf en Hamburg in Duitsland deurloop en twee jaar in Londen by die sakeonderneming W. Dunn & Co. gewerk.[8] As ryk sakeman kon sy pa dit immers met gemak bekostig. Weens 'n gebrek aan plaaslike alternatiewe het diegene wat dit kon bekostig hulle kinders na Europa vir gevorderde opleiding gestuur.[9] Interessant genoeg sou sy pa kla dat hy te veel tyd aan sport bestee en meer ernstig oor sy studies moes wees,[10] dieselfde tendens wat sou heers toe sy broer Everard later in die buiteland vir studies was en Charlie namens sy pa hom moes aanspreek oor geldvermorsing.

8 *The Friend*, 31.5.1923; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 300; *Standard Encyclopedia of Southern Africa* 4, p. 484: J. Packer, *Pack and flow - One person's adventurers in four different worlds*, p. 65. Ofskoon Charlie nooit aan die Grey-universiteitskollege (later die Universiteit van die Oranje-Vrystaat) studeer het nie, het hy 'n raadslid van die universiteitskollege geword.

9 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 128.

10 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 57.

Die aantreklike en selfversekerde Charlie, soos menigeen hom gesien het – 'n kleindogter, Zaza Pieterse, wat na sy dood gebore is maar op grond van 'n portret van haar oupa oordeel, beskryf hom as "ongelooflik *handsome* met 'n *dashing* snor"[11] - is op 20 Maart 1895 (dit wil sê op sy verjaarsdag) met Catharine (Katie) Mary Grant Innes in die Wesleyaanse kerk getroud (fig. 5). Sy was die dogter van die bekende Robert Innes wat die eerste ware burgemeester (1880-1881) van Bloemfontein was en het die amp weer van 1887 tot 1890 beklee. Hierna het die gelukwense en heildronke by Leinster House, die Innes-woning, plaasgevind. Die bruidspaar het na Oos-Londen vir hulle wittebrood vertrek. Op 11 Maart 1897 is hul oudste seun, Gustav Arthur (pa van Zaza), gebore.[12] Charlie Fichardt het na sy huwelik in Elizabethstraat 40 in 'n dubbelverdiepinghuis wat vandag nog bewaar word en direk agter die appèlhof geleë is, gaan woon.[13]

Daar was glo sprake dat Charlie die reputasie as "losbol" gehad het.[14] Wanneer sy volle lewe in oënskou geneem word, kan so iets moeilik met hom geassosieer word. Waarskynlik was dit net sy liefde vir die sosiale lewe, sy lewenslustigheid en gewildheid in die samelewing wat waarskynlik onder die nydiges en jaloerses die aanname laat ontstaan het.

Figuur 5: In 1895 is Charlie Fichardt met Katie Innes getroud. Sy was die dogter van die Skotse sakeman Robert Innes wat in 1880 die eerste burgemeester van Bloemfontein geword het. Sy broer Arthur was strooijonker en sy twee susters, Ella (sittende links) en Maude (agter tweede van regs), was deel van die bruid se gevolg.

(foto: Nasionale Museum, Bloemfontein)

---

11 Z. Fichardt Pieterse, *Rykdom en Rafels* (ongepubliseerde manuskrip), p. 74. Charlie se suster, Maude, beskryf hom soos volg: "Charlie was good-looking with blue eyes and wavy light brown hair. Vgl. Schoeman (red.), *Pen Pictures*, p. 48. Joy Packer, die bekende romanskrywer en ook geag vir haar lewensbeskrywings, wie se ouers goed bevriend met die Fichardts was, gee 'n ouer beeld van Charlie: "Charlie was dashing , with curly iron-grey hair, burning blue eyes, and a flow of eloquence that never failed to electrify his hearers." Vgl. Packer, p. 56.

12 VPAB: *MBL 3/1/4*, Burgemeestersverslag 1895/96, p. 6; *The Friend*, 22.3.1895; Haasbroek, 'n *Seun soos Bram*, p. 46.

13 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 143; Schoeman, *Boukunsskatte*, p. 77.

14 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 142.

SAKE-, KULTUUR- EN SPORTMAN

Die firma G.A. Fichardt Bpk. (fig. 6), onder die Vrystaters as Fichardts bekend, waarvan Charlie deel was, word beskou as die eerste familiesaak van naam ten noorde van die Oranjerivier. Met die handelsaak se eeufeesviering in 1948 was dit 'n Vrystaatse instelling, 'n firma wat in goeie en slegte tye voorsien het in die behoeftes van die streek se inwoners en waaraan een van die mees gesiene ou Vrystaatse families vanaf stigting tot in daardie stadium verbonde was en wat in die inwoners se lief en leed gedeel het.[15] In sy huldeblyk skryf *Die Volksblad*: "'n Honderd jaar van getroue diens – drie geslagte van die Fichardts – dit is in hoofsaak die verhaal van die firma wie se eeufees vandag in Bloemfontein gevier word."[16]

Figuur 6: G.A. Fichardt Bpk. nadat die winkel in 1898 vergroot is.
(foto: Nasionale Museum, Bloemfontein)

Die jong Gustav Adolf Fichardt het in 1853 op 19-jarige ouderdom uit Duitsland in Bloemfontein aangekom om sy ouer broer, Carl Eberhard, behulpsaam in sy handelsaak te wees. Die Fichardt-winkel was eers in St Georgestraat, maar in 1851 het dit na die hoek van Charles- en Bo-Kerkstraat verskuif waar dit vir dekades besigheid sou doen. In 1864 het Gustav die winkel by sy broer, wat hom weer in Duitsland gevestig het, oorgeneem.[17]

---

15 *The Friend* (Supplement), 20.3.1948; VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 3.
16 *Die Volksblad*, 20.3.1948.
17 Haasbroek, *'n Seun soos Bram*, pp. 33-34.

Charlie se geaardheid het egter nie in die handelsrigting geloop nie. By sy terugkeer in Februarie 1891 uit die buiteland het hy ietwat halfhartig tot die Fichardt-saak van sy pa toegetree. Hoewel hy nooit sy verbintenis met en belange in die handelsaak prysgegee het nie, het hy weldra uit die saak getree en 'n kantoor in die stad oopgemaak waar hy sy eie besigheidsbelange, later bekend as Fichardt Estates, Private Banking and Financial Agents, suksesvol sou bevorder.[18] Charlie sou hom tuis genoeg in sake-belange voel sodat hy reeds in 1895 aan D. Siffert, die Belgiese konsul-generaal in Durban, skryf om vir hom voorbrand te maak om as Belgiese erekonsul in Bloemfontein aangestel te kon word, gesien in die lig van sy eie en sy familie se bekende naam in die Vrystaat en in die aangrensende kolonies. So gebeur dit dat hierdie posisie aan hom toegeken word wat vanselfsprekend tot voordeel van sy sakebelange sou wees.[19]

Gustav Fichardt se gesondheid het in die 1890's toenemend verswak sodat hy al hoe minder 'n aandeel in die handelsaak, asook openbare lewe, kon neem. Op 2 Augustus 1894 skryf Charlie juis aan pres. F.W. Reitz: "Het spijt mij dat ik u Wel Edele weder kennis geven moet, dat mijn vader, den Heer G.A. Fichardt, de bijeenkomsten van den Uitvoerende Raad voor vijf maanden, niet zal bijwoonen daar hij naar Europa is op last van zijn Doctoren voor zijne gezonheid."[20] Hoewel hy die vernaamste aandeelhouer gebly en sy medeseggenskap nooit prysgegee het nie, het die bedryf van die onderneming hoofsaaklik op die skouers van sy vennoot, A.W. Beck (sy vrou se broer), gerus. As oudste seun het Charlie, ofskoon nog jonk, sy pa se algemene sake begin behartig en namens hom in onderhandelinge opgetree.[21] Charlie was gewoonlik buitengewoon simpatiek teenoor minderbevoorregtes. Kwessies wat hy moes hanteer waar mens op een of ander wyse geld aan die Fichardt-besigheid geskuld het en agterstallig met betalings was, het hy deurgaans professioneel en diplomaties hanteer, veral waar familie betrokke was.[22]

Toe 'n neef van Charlie, Rudolf J. Fichardt van die plaas Dreyersverdriet, Clocolan, in gebreke bly om sy finansiële verpligtinge na te kom, is hy vriendelik daaroor vermaan en is begrip getoon vir die moeilike tye waardeur boere gaan, maar saam met die raad om die plaas eerder te verkoop voordat hy alles verloor.[23] Blykbaar het dit 'n paar maande later beter gegaan en kon sy neef afbetalings doen. 'n Versoek om sy omstandighede direk met Charlie se pa op te neem, het Charlie so geantwoord: "It would be quite unnecessary to write to father direct, as all, even his private correspondence, passes through my hands, and I only let him see such as are in no way connected with business, or any other worry."[24] As 'n teken van toegeneentheid teenoor familie en dat hulle benadering van die kwessie slegs op gesonde besigheidsbeginsels berus, het Charlie 'n tjek van £23 as geskenk aan hom

---

18 *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 300; Schoeman (red.), *Pen pictures*, p. 52; VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 59.

19 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 195) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – D. Siffert, 4.9.1895; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 300.

20 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 195) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – Staatspresident, 2.8.1894.

21 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 46.

22 Vgl. o.a. VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 1895) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – H.L. Nel, 5.12.1893; C. Fichardt – J.C. Fleck, 21.12.1893; C. Fichardt – E. Blair, 17.2.1894; C. Fichardt – J.W. Wessels, 11.8.1894; Fichardt Pieterse, p. 77.

23 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 1895) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – R.J. Fichardt, 27.2.1894.

24 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 1895) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – R.J. Fichardt, 16.6.1894.

voorsien namens hom en sy pa. Maar aan die begin van 1895 is hy weer ernstig versoek om ten minste die rente op sy verband, wat reeds baie groot was, te betaal.[25]

Gustav Fichardt was duidelik omgesukkel oor sy seun Everard se hantering en aanwending van die geld wat hy aan hom voorsien het om in die buiteland te studeer. En ouboet Charlie moes as sy pa se saakgelastigde die vrede tussen die twee probeer bewaar en as katalisator optree. So lig Charlie sy broer op 25 Augustus 1896 in dat hy dink £359 is genoeg om gerieflik van te lewe, veral as dit wat hy vir sy verjaarsdag en Kersfees ontvang het, bygetel word.[26] Hy glo nietemin hul pa sou dit opstoot na £425 indien Everard dit kon regverdig. Onthou, hul pa het geen geduld gehad met geld wat vermors word nie. "He has gone for you pretty straight in his letter," het Charlie sy pa se ongeduldige houding met Everard se roekelose finansiële aksies probeer afwater, "but I am sure that he is not as angry or put out as his letter sounds."[27]

Met die verskoning dat hy nie sy gevoelens wil seermaak nie, het Charlie in dieselfde skrywe eers sy broer uitgetrap dat sy boekhou-vermoë power is, maar daarna met geduld breedvoerig aan Everard verduidelik hoe om 'n haalbare en sinvolle begroting op te stel, verkieslik onder £400. Hy tree vêrder in die bresse vir hul pa se ietwat ongenaakbare houding teenoor slordige geldsake deur daarop te wys dat hy ook al dié paadjie met hom geloop het, maar al wat hy daardeur wou bereik, is om aan sy kinders waardevolle finansiële lesse te leer. Hy betig sy broer ligtelik dat hulle rykmansagtergrond nie aan hul die reg gee om geld te verkwis nie. Verder praat hy hom moed in om vas te byt en deur te druk met sy regstudies want daar is ideale geleenthede vir 'n advokaat in Bloemfontein want Abraham Fischer handhaaf tans die posisie, maar hy is so betrokke by die politiek dat hy sy praktyk verwaarloos en kliënte smag na 'n verbreding op dié terrein.[28]

Kort na die Anglo-Boereoorlog het die firma Fichardt & Daniels in 1902 in Bloemfontein wortel geskied (vandag bekend as die regsfirma Naudes). Charlie was saam met Johan Christian Daniels die primêre krag in die ontstaan van dié prokureurs- en finansiële firma. As besturende direkteurs was hulle ook in beheer van Fichardt Estates Ltd. en saam met sy drie broers was Charlie deel van die groot Fichardt Estate-belange. Fichardt Estate sou verantwoordelik wees vir onder andere alle finansiële transaksies soos eiendomstransaksies, assuransie-aangeleenthede, bankdienste en trusts. Charlie sou voortgaan as 'n direkteur van G.A. Fichardt Bpk. en in dié kapasiteit tot sy dood bly, terwyl hy ook in die Imperial Hotel en ander sakeondernemings se direksies dien.[29]

---

25 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 1895) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – R.J. Fichardt, 16.1.1895.

26 So sou Everard £10 van sy pa en ma vir Kersfees 1896 ontvang. Vgl. VPAB: *A759* (ongeorden), Brieweboek (Okt. 1895 – Mei 1897) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – E. Fichardt, 7.12.1896.

27 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Okt. 1895 – Mei 1897) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – E. Fichardt, 25.8.1896.

28 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Okt. 1895 – Mei 1897) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – E. Fichardt, 25.8.1896.

29 VPAB: *HG 4/2/1/1/94*, nr. 995/1914, In the High Court, 1914; *The Friend* (Special Centenary Supplement), 10.6.1950; *Volksblad*, 27.8.1999; *Twentieth century impressions of the Orange River Colony and Natal*, p. 47.

Hy brei ook sy sakebelange uit deur kort na die Anglo-Boereoorlog saam met Abraham Fischer, W.J.C. Brebner, genl. J.B.M. Hertzog, A. Barlow en dr. A.E.W. Ramsbottom in 1903 die Engelse koerant *The Friend* oor te neem nadat dit in finansiële moeilikheid beland het en wat die mondstuk van die republikeinsgesinde Afrikaner geword het.[30] In 1909 het Charlie *The Friend* en sy Afrikaans/Hollandse stalmaat *De Vriend des Volks* by die Imperial-mediakonferensie in Londen verteenwoordig, gepaardgaande met 'n besoek aan die omgewing en Skotland, asook aan Europa waar Frankryk, Switserland, Italië, Duitsland, Nederland en België aangedoen is. Hy het breedvoerig in 'n reeks boeiende artikels onder die titel "Leaves from a traveller's notebook" oor die konferensie, waar media-aangeleenthede bespreek is, en oor sy besoeke aan en ondervindinge van die lande en hul besienswaardighede berig. Tydens die vaart op die *Norman* na hulle bestemming gee Charlie die volgende weergawe van diegene wat onder seesiek deurgeloop het: "We found a fellow-passenger on deck in a chair, his rug up to his chin, his cap over his nose, recognizing nobody, caring for nothing, only praying to be left alone to die. The deck was strewn with many such sad cases, and the sea remained calm and smiling." [31] Aangrypend skryf hy oor 'n passasier wat aan "black water fever" oorlede is en ter see begrawe is terwyl sy ma hom by die hawe inwag.

Waar die motorkar nog 'n vreemde verskynsel in Bloemfontein was, kon Charlie nie anders as om na die bedrywige en raserige verkeer van "motor busses, motor cars, motor vans" in Londen se strate te verwys nie. Sy ontmoeting met die Britse koning en koningin kry ook aandag – hy het trouens graag geskryf oor al die uitnodigings wat die konferensiegangers gekry het, die spoggerige funksies en bankette en die vooraanstaande mense wat hul ontmoet het. 'n Konferensielesing van Winston Churchill het hy teleurstellend gevind, hoewel hy as persoon kragdadig oorkom, skryf Charlie en vertel dat hulle dié latere groot staatsman en Britse premier – "his nervous temperament will cause a breakdown before his brilliant mind achieves" – aan huis ontmoet het. Die besoek aan 'n groot Britse wapenfabriek waar gesinspeel is dat 'n groot arsenaal vrede waarborg, het Charlie droogweg laat opmerk dat dit kaf is – 'n gelaaide rewolwer is meer geneig om af te gaan as geen rewolwer nie. In Italië was hy beïndruk deur die wyse waarop begraafplase onderhou word teenoor die algemene verval rakende openbare fasiliteite. Ten slotte meld hy dat hy Suid-Afrika se klimaat en sonskyn bo die reëndeurdrenkte aarde en mistige lug van Europa verkies.[32]

Later sou aandele wat die vier Fichardt-broers in die *The Friend*-maatskappy besit het tot onmin en regsaksies tussen hulle lei en dit sou nie die enigste geval wees waar die broers die pad van regsoptrede moes volg om verskille tussen hulle op finansiële en aandele-terrein te besleg nie.[33] Charlie het ook in 1908 die plek van C.P. Beck, wat die regering as

---

30 *The Friend* (Special Centenary Supplement), 10.6.1950. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 214.

31 VPAB: *A759* (ongeorden), Koerantknipselboek van Charlie Fichardt, 1909.

32 VPAB: *A759* (ongeorden), Koerantknipselboek van Charlie Fichardt, 1909.

33 In 1911 het Fichardt-Estates Limited 2 000 aandele in *The Friend* bekom wat gelykop in die name van die vier Fichardt-broers as aandeelhouers verdeel is omdat dit hul stemposisie sou verstewig. In 1914 toe Arthur Fichardt se politieke sienings van dié van sy drie broers begin verskil, het dié aandele onmin en regsaksies tussen die broers veroorsaak. Vgl. VPAB: *HG 4/2/1/1/94*, nr. 995/1914, Arthur Emanuel Fichardt / Fichardt Estates Limited, 1914. 'n Paar jaar later was Charlie en Arthur weer in 'n hofsaak betrokke wat die band tussen die broers kennelik benadeel het. In November 1918 het Charlie as direkteur en voorsitter gestem dat Arthur, wat saam met die twee ander broers in die direksie met mindere verpligtinge gedien het, as algemene bestuurder van G.A. Fichardt Bpk. uitgeskop word omdat hy glo 'n gebrek aan belangstelling in sy werk toon en ander

die grootse aandeelhouer van die nasionale Bank van die Oranjerivierkolonie verteenwoordig het, as goewermentsdirekteur ingeneem.[34]

Baie jare later het Charlie saam met ander betrokkenes baanbrekerswerk op sakegebied bewerkstellig toe hulle in 1917 in 'n Kaapstadse hotel vergader het, 'n byeenkoms waaruit die Suid-Afrikaanse Nasionale Trust en Assuransie Maatskappij (Santam) en die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewens Assuransie Maatskappij Bpk. (Sanlam) voortgespruit het. Hulle het die behoefte van die Afrikaner om sy eie sake-onderneming te besit en die wenslikheid van 'n trust- en versekeringsmaatskappy raakgesien.[35]

Charlie Fichardt was sy lewe lank 'n ywerige sportliefhebber. Veral as krieketspeler was hy in sy jong dae sonder weerga in Bloemfontein. Ook in rugby, hokkie en sokker het hy uitgeblink. Vêr oor die grense van die Vrystaat heen is Charlie as sportman gereken.[36]

So het hy in 1892, kort na sy terugkeer uit Europa, die eer gehad om vir Suid-Afrika in Kaapstad teen die besoekende Engelse krieketspan te speel. Hy het in die eerste beurt geen en in die tweede beurt 10 lopies aangeteken. In 1896 het hy Suid-Afrika in Port Elizabeth weer teen die besoekende Engelse span teenwoordig, maar net vier lopies in die eerste beurt en een in die tweede beurt aangeteken. Charlie was die eerste Vrystater (kaptein vanaf 1892 tot 1909) aan wie as krieketspeler Springbokklere toegeken is. In Bloemfontein was hy ook die kaptein van Ramblers se krieketspan. Na die Anglo-Boereoorlog is hy in 1905 die aanvoerder van die Oranjerivierkolonie se krieketspan teen P.F. Warner se elftal en in 1909 teen die Marylebone Cricket Club. Sy waarde as krieketspeler was nie net as speler nie, maar ook die wyse waarop hy met sy aansteeklike entoesiasme en toegewydheid sy spanmaats tot groot hoogtes kon aanvuur.[37]

Op 27 Maart 1895 het Charlie met die stigting van die Oranje-Vrystaatse Rugbybond die eerste president daarvan geword, asook 'n amptelike skeidsregter. Blykbaar het daar onenigheid tussen Charlie en die rugbybond ontstaan want skaars vyf maande later kondig hy aan dat hy die tuig in beide posisies neerlê. In sy bedankingsbrief meld hy dat hoe

---

sakebelange nastreef. Hierna het daar ernstige botsings tussen die twee broers as finansiële agente ontstaan oor wie geregtig is om die Atlas-versekeringsmaatskappy se belange te behartig. Charlie het taamlik oorboord gegaan om sy broer by die Atlas-bestuur in Kaapstad as onderduims en onbevoeg voor te hou sodat Arthur 'n lastersaak in die Vrystaatse hooggeregshof teen sy broer aanhangig gemaak het en wat hy in 1920 gewen het. Vgl. VPAB: *HG 4/2/1/1/181*, nr. 127/1920, Arthur Emanuel Fichardt / Charles Gustav Fichardt, 1920; *Die Volksblad*, 20.3.1948. In hierdie tyd het Everard hom ook tot die hof gewend om Charlie so vêr te kry om 'n regverdige verdeling van die plaas Brandkop (nr. 702) te maak volgens hulle onderskeie aandele daarin. Vgl. VPAB: *HG 4/2/1/1/159*, nr. 187/1918, Everard Walter Fichardt / Charles Gustav Fichardt, 1918.

34 VPAB: *CO 558*, 905/02, Mr C.G. Fichardt, Government Director National Bank of the ORC – 4 months leave of absence, 1909; *De Vriend des Volks*, 12.6.1908.

35 *Die Burger*, 19.4.1991; "Sanlam": http://www.car-home-insurance.net/south-africa/chi-sanlam.html; http://en.wikipedia.org/wiki/Sanlam, geraadpleeg 11.7.2011.

36 *The Friend*, 31.5.1923.

37 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 59: Fichardt Pieterse, p. 78; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 301; "Charlie Fichardt": http://en.wikipedia.org/wiki/Charles_Fichardt, geraadpleeg 11.7.2011; "C.G. Fichardt": http://www.espncricinfo.com/ci/engine/match/62442.html, geraadpleeg 9.4.2013.

minder hy met hierdie posisies te doen het, hoe beter is dit vir sy selfrespek.[38] Hy sou ook die Fichardt-skild skenk om rugby by skole te bevorder.[39]

Charlie het hom sterk beywer vir die stigting van die Ramblersklub wat hy tot sportsentrum in Bloemfontein help uitbou. Hierdie klub het Charlie na aan die hart gelê. Op 18 Julie 1896 is die Ramblersklub in die Bloemfonteinse stadsaal gestig waar Charlie een van die belangrikste woordvoerders was om aan talle belangstellendes te verduidelik dat die klub gestig word om die beheer van die ontspanningsterrein in Zastronstraat oor te neem om sodoende sportbeoefening in Bloemfontein op 'n meer geordende basis te plaas. In sy 1895/96-jaarverslag het burgemeester S.J.P. Sowden spesiaal melding van Charlie se betrokkenheid gemaak: "Zeer veel vijandige beoordeling werd tegen de voorgestelde Maatschappelijke Klub bij haar begin gericht; maar ik denk de dankbetuigingen van het publiek zijn aan Stadsraadslid Fichardt verschuldigd voor de zeer vele moeite en aandacht die hij over dit prijzenwaardige onderwerp besteed heeft en het, moet een bron van groote tevredenheid voor hem zijn dat zijne pogingen tot zoo ver met success zijn bekroond."[40]

H.F. Gill was die eerste voorsitter van die bestuurskomitee van die klub en Charlie vanselfsprekend deel daarvan. Op 10 Desember 1897 het hy as voorsitter oorgeneem en gedien tot die dag voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899. Na die oorlog het Charlie weer sy plek as bestuurslid op 29 Mei 1903 ingeneem en sou tot in Desember 1913 in die bestuur dien, sporadies as voorsitter. Waarskynlik weens toenemende werksverpligtinge as Volksraadslid het hy teen Januarie 1915 as klublid bedank.[41]

Charlie is ook op die boukommissie verkies wat moes toesien dat 'n klubgebou op die gronde verrys en in 1897 is sodanige struktuur opgerig. In die 1896/97-burgemeestersverslag wat Charlie as onderburgemeester in die afwesigheid van die burgemeester opgestel het, het hy met genoegdoening aangekondig dat die klubgebou vinnig voltooiing nader en dat nagenoeg 200 name reeds ingehandig is vir lidmaatskap. Charlie het dit geniet om vroegoggend na die terrein te gaan en bome te plant. Hy het inderdaad gesorg dat talle bome, onder andere peperbome, op die Ramblersterrein geplant word om die terrein te verfraai (Charlie sou ook later op die stadsraad se komitee vir parke en boomaanplanting dien). In 1898 is die klubgebou feestelik geopen.[42]

In 1903 het hierdie gebou afgebrand nadat dit deur weerlig getref is. Die nuwe klubgebou, wat vandag nog so te sê in sy oorspronklike vorm bewaar bly, is in 1907 voltooi, maar nie sonder drama nie. In 1905 het die Ramblersklub £15 000 geleen om die projek te verwesenlik waarvoor die stadsraad borg gestaan het sonder om wetlike stukrag aan die proses te verleen. Toe alreeds het groot ontevredenheid onder 'n deel van die publiek en rolspelers in stadsraadskringe hieroor geheers. In 1907 moes die klub onder voorsitterskap

---

38 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 1895) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – Sekretaris OVS-rugbybond, 19.8.1895.

39 Fichardt Pieterse, p. 75; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 302.

40 VPAB: *MBL 3/1/4*, Burgemeestersverslag 1895/96, p. 5.

41 VPAB: *A 508*, 1/1/1, Ramblers: Notule van klubbestuurskomitee, 5.8.1896, 10.12.1897, 10.10.1899, 29.5.1903, 27.10.1905, 7.11.1905, 28.11.1911, 17.12.1912, 2.12.1913; *A 508*, 3/1/3, Ramblersklub: Lederegister, 1.1.1915.

42 VPAB: *A 508*, 1/1/1, Ramblers: Notule van klubbestuurskomitee, 18.7.1896; VPAB: *MBL 3/1/5*, Burgemeestersverslag 1896/97, p. 4; *The Friend*, 11.1.1907; Schoeman, *Boukunsskatte,* pp. 96-98; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 127; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 301.

van Charlie 'n verdere £5 000 aanvra om die klubgebou behoorlik te voltooi en die meubilering te doen, gepaardgaande met die versoek dat die stadsraad dit ook sou waarborg.[43] Op 'n lewendige openbare vergadering van belastingbetalers en belangstellendes op 9 April 1907 om die aangeleentheid te bespreek, het die pro-leninggroep wat die waarde van Ramblers vir Bloemfontein beklemtoon het – vanselfsprekend was Charlie onder hulle – met 53 teenoor 39 stemme gewen. Onder gelag het 'n beswaarde die ontevredenheid van talle geopper oor die geld wat gebruik sou word vir roerende goedere soos 'n klavier en biljarttafels – gee hulle 'n harp as hulle nie 'n klavier kan bekostig nie! Daarteenoor het ander weer gewys op die onverkwiklike situasie as die projek in hierdie laat stadium skipbreuk ly en die skade aan die stad se aansien. Diegene wat die lening weereens teengestaan het as te riskant vir 'n goeie belegging, het onmiddellik gevra dat die kwessie na die stembus moes gaan. Nydig is ook opgemerk dat Ramblers 'n suipklub en net toeganklik vir die uitverkorenes van die stad is (aanmerkings wat deur Charlie[44] en ander teenwoordiges verwoed ontken is). Op 25 April het die stemmery by die stadsaal plaasgevind. Beide groepe het ywerig hul siening gepropageer en ondersteuners na die stembus aangepor en selfs aangery. Charlie het deeglik sy gewig ingegooi en die Ramblersklub het naelskraap sy lening gekry met 'n stemtelling van 171 teenoor 163.[45]

Na sy dood sou daar spesiaal hulde aan Charlie gebring word vir sy bydrae om Ramblersklub te stig en uit te bou. Ook is genoem dat hy in latere jare vanweë politieke betrokkenheid sy belange by die klub moes afskaal, maar sy belangstelling in die klub se doen en late het nooit getaan nie. [46]

In die kultuurlewe van Bloemfontein het Charlie uitgestaan in die wyse waarop hy dit vurig ondersteun en bevorder het. Hy was lief vir musiek, kon goed sing en het dit geniet om toneel te speel. Die bekende Fischers van Bloemfontein met wie die Fichardts baie goed bevriend was, het graag toneelopvoerings aangebied, en Charlie het ywerig daaraan deelgeneem. Dit was vir hom 'n besondere voorreg om tydens sy verblyf in Skotland aan die bekende Britse verhoogakteurs Ellen Terry en Henry Irving voorgestel te word.[47]

As begaafde akteur en toneelspeler was Charlie ook 'n stigterslid van die Grand Theater Company en tree as sekretaris daarvan op. Zaza Pieterse onthou haar pa, dit wil sê Charlie se oudste seun, wat jare later eendag huis toe gekom het na 'n stadsraadsvergadering en woedend aangekondig het dat die raad besluit het om dié pragtige en majestueuse Bloemfonteinse teater te sloop en 'n parkeerterrein in te rig.[48]

---

43 *The Friend*, 13.3.1907.

44 Charlie sou toegee dat gedurende die oorlogsjare en die besetting van Bloemfontein dit soms rof by die klub gegaan het, maar dat dit na dese 'n respektabele klub is. Vgl. *The Friend*, 10.4.1907.

45 *The Friend*, 10 en 26.4.1907; 3.5.1907; Haasbroek, Die rol van Wolff Ehrlich in Bloemfontein, 1877-1915, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 22(3), Julie 2006, p. 89.

46 *The Friend*, 31.5.1923.

47 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 59; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 125.

48 Fichardt Pieterse, p. 77; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 302.

BURGEMEESTER EN STADSRAADSLID (1894-1898)

Charlie Fichardt se belangstelling was in die eerste plek nie op handelswese toegespits nie, maar op die openbare lewe. Eers sou hy sy visier op die plaaslike bestel rig, maar later sou hy die breë politieke toneel in Suid-Afrika betree. Van die Fichardt-broers en selfs van die familie wat na hom gekom het, was hy waarskynlik die een wat die beste toegerus was om hom in die openbare lewe uit te lewe en die meeste op die terrein bewerkstellig het. Sy innemende, gemoedelike en opgeruimde geaardheid het hom algemeen bemind gemaak, hoewel sy erns en bekwaamheid nooit onderskat is nie. Sy besondere redenaarstalent, onkeerbare humorsin en gevatheid het daartoe bygedra dat hy as persoon selfs by sy politieke teenstanders gewild was en agting afgedwing het. Hy het die buitengewone vermoë gehad om die bal en nie die man te speel nie, dit wil sê hy kon sy standpunt driftig stel sonder om iemand persoonlik te grief of te verneder. [49]

Charlie was skaars uit die buiteland terug na sy studiejare, of hy is op die besondere jong ouderdom van 24 jaar tot stadsraadslid verkies. Op 31 Augustus 1894 het hy vir die eerste keer sy plek in die raad ingeneem vir wyk 5.[50] Hierdie ampsposisies was gewoonlik die ouer en wyser garde in die stad beskore en dui dus op die gewildheid wat Charlie oor die algemeen en die aansien wat die Fichardt-familie in die stad geniet het. As voorsitter van die komitee vir openbare werke sou hy uitstekende diens verrig.[51]

Charlie het raadslid geword onder dr. B.O. Kellner ('n mediese dokter) se burgemeesterskap (1891-1896). Die jong en soms voortvarende Charlie het as raadslid onmiddellik koppe gestamp met die burgemeester oor wat die beste vir die stad se watervoorsiening is. In 'n waagmoedige en effens smalende bewoorde ellelange brief aan die pers het hy die “Doctor Mayor” in die openbaar aangedurf en Kellner se siening dat die skoonskraap van die bestaande opgaardam die gewenste effek sou hê, sterk geopponeer. Charlie het verklaar dat dié “expensive and inadequate scheme” die stad sienderoë in 'n finansiële verknorsing sou laat beland – weinig gesonde verstand is nodig om te besef dat die logiese en finansieel-aanvaarbare oplossing die bou van nuwe damme is.[52]

Met die bedanking van Kellner op 16 April 1896 as burgemeester is S.J.P. Sowden in sy plek ingestem.[53] Op 6 Mei 1897 het Sowden weens 'n beoogde lang besoek aan Europa as stadsraadslid bedank, maar die raad het hom gevra om dit te heroorweeg en hom 'n blaaskans van ses maande gegun. Kort daarna het Sowden in 'n raadsvergadering aangekondig dat hy die aanbod aanvaar. O. Fraundorfer wat in daardie stadium as onderburgemeester waargeneem het, het terselfdertyd opgemerk dat hy nie opgewasse voel vir sy taak in die voorsitterstoel nie en voorgestel dat H.F. Gill oorneem. Gill het weer op sy beurt dit van die hand gewys en die bal na W. Reid aangegee. Laasgenoemde het weens werksdrukte geweier en sy voorstel dat Charlie die eer aangedoen word om as onderburgemeester oor te neem, is toe algemeen aanvaar. In hierdie hoedanigheid het Charlie in die afwesigheid van Sowden die raad tot 2 September 1897 gelei toe besluit is

---

49 *Die Volksblad*, 31.5.1923; *The Friend*, 31.5.1923; VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 63.

50 VPAB: *MBL 1/1/1/7,* Stadsraadsnotule, 31.8.1894, p. 11; *The Daily Express*, 1.9.1894.

51 *The Friend*, 31.5.1923.

52 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Sept. 1893 – Okt. 1895) van Charlie Fichardt, C. Fichardt – Editor of *The Daily Express*, 27.11.1894.

53 *The Friend*, 21.4.1896; J. Haasbroek, Die rol van dr. B.O. Kellner in Bloemfontein 1863-1918, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 20(4), 2004, p. 99.

om vir die komende burgemeesterstermyn weer Sowden, wat terug was, te verkies – Charlie het dit immers self voorgestel nadat hy die stoel verlaat het. Charlie is weer as onderburgemeester ingestem. Op 4 November 1897 was Sowden terug in die saal as burgemeester en hy het Charlie bedank vir die bedrewe wyse waarop die stadsraad in sy afwesigheid gelei is. [54]

Sowden se gesondheid het egter vinnig agteruitgegaan. Op 11 Januarie 1898 kon Charlie as onderburgemeester uit die voorsitterstoel in die raad aankondig dat daar 'n effense verbetering in die welstand van die burgemeester is, maar kort daarna, op 19 Januarie, is hy aan ingewandskoors oorlede, en die posisie van burgemeester vakant. Uit hoofde van sy posisie as onderburgemeester het Charlie sedertdien as waarnemende burgemeester opgetree totdat hy op 29 Maart 1898 amptelik onbestrede in die amp verkies is (fig. 7).[55] Teen daardie tyd het die meerderheid raadslede, ondersteun deur die pers, gevoel dat Charlie die aangewese keuse is gesien in die lig van sy verdienstelike hantering van die amp sedert die vorige burgemeester se langverlof en daarna sedert sy dood.[56] *The Daily Express* het daarop gewys dat die nuwe burgemeester jonk is, maar daar moet onthou word dat 'n jongeling reeds op 18 moet kan toon watter staal daar in hom steek.[57]

Toe hy in Maart 1898 kort na sy 28ste verjaarsdag as die jongste burgemeester nog tot op datum aangewys word, het dit sy stand op relatief jong ouderdom verder beklemtoon en stellig die kroon op sy plaaslike openbare lewe gespan. Sy termyn het taamlik moeilik begin vanweë die stad se oortrokke rekening by die Nasionale Bank en 'n tekort op die munisipale begroting wat die stad se finansies onder druk geplaas het. Om die probleem aan te spreek, het hy die wenslikheid uitgespreek dat erwe verkoop moes word om fondse vir die raad te in en wat goedgekeur is. Die aangeleentheid het 'n ongemaklikheid vir Charlie as burgemeester geword omdat daar glo probleme met die korrekte opmeting van die erwe in Eerstestraat was. Toe dit deur die landmeter-generaal onder Charlie se aandag gebring word, so is beweer, het hy nie ag daarop geslaan nie omdat hyself in transaksies oor die aankoop van twee erwe gewikkel was. Waar die probleem met die uitwys daarvan kosteloos opgelos kon word, was sommige se mening, sou dit nou na die afhandeling van die opmetings heelwat kos om 'n regstelling te doen. Charlie se verweer toe die kwessie in die raad bespreek is, was dat die inligting nie amptelik en vroegtydig aan hom of die raad deurgegee is nie, dit wil sê die beswaarde het genoeg tyd daarvoor gehad, maar wel mondelings in die Bloemfontein-klub die aand voor die verkoop van die erwe. Die wyse waarop dit aan hom oorgedra is, het hy as “chaffing” en 'n “damn farce” ervaar. Hy kon derhalwe die bewerings oor die opmetings nie as gegrond aanvaar nie omdat die bevoegdheid van die opmeters wat hulle gebruik het nooit onder verdenking was nie. Daarbenewens was daar geen tyd beskikbaar om op grond van slegs bespiegelinge die hele aangeleentheid tot halt te roep nie. “They were flogging a dead horse” het sommige raadslede gevoel, want die verkoop van die erwe was immers afgehandel en die komitee wat aangewys is om die aangeleentheid na te gaan net 'n formaliteit.[58]

---

[54] VPAB: *MBL 1/1/1/8*, Stadsraadsnotule, 6.5.1897, p. 212; 20.5.1897, p. 217; 25.5.1897, p. 226; 2.9.1897, p. 278; 4.11.1897, p. 309; *The Daily Express*, 8.5.1897; 4.9.1897; 6.11.1897.

[55] VPAB: *MBL 1/1/1/8*, Stadsraadsnotule, 11.1.1898, p. 344; 20.1.1898, p. 359; 17.3.1898, p. 396; 29.3.1898, p. 404; VPAB: *GS 1806*, R1980/98, C.G. Fichardt gekozen als Burgemeester, 1898; *The Daily Express*, 22.1.1898; 26.2.1898; *The Friend*, 1.4.1898.

[56] *The Daily Express*, 31.3.1898.

[57] *The Daily Express*, 31.3.1898.

[58] VPAB: *MBL 1/1/1/9*, Stadsraadsnotule, 26.4.1898, p. 6; 4.8.1898, p. 52; *The Daily Express*, 6.8.1898; *The Friend*, 9.8.1898.

Figuur 7: Charlie Fichardt in 1898 as burgemeester van Bloemfontein.
(foto: Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek, Bloemfontein)

Sy dienstydperk as burgemeester was egter van korte duur. Volgens munisipale regulasies moes die helfte van die stadsraad elke vier jaar uittree maar kon weer in die daaropvolgende verkiesing as kandidate staan. Aangesien Charlie in 1894 gekies is, moes hy nou die leisels in Augustus 1898 eers prysgee, maar hy het hom weer verkiesbaar gestel. Saam met hom in die stryd vir twee lede van sy betrokke wyk, wyk 5, was J. van Reenen, G. Smetham en W. Reid. Charlie het in die verkiesing deur 'n tegniese punt die onderspit gedelf. Blykbaar was die stadsraad onder sy leiding – hy was immers 'n persoon wat aan vooruitgang en moderne geriewe geglo het[59] – te progressief om die stad te moderniseer met gepaardgaande finansiële uitgawes, dat dit heelwat kiesers dwars in die krop gesteek het wat 'n meer konserwatiewe aanslag verlang het. Inwoners het ook langtand aan belastingverhogings gebyt met die oog op die balansering van inkomste en uitgawes. As persoon was Charlie gewild in die samelewing en die verwagting by sommige dat hy

[59] So was dit geensins vreemd dat hy in 1908 die trotse besitter van een van die heel eerste motors, 'n Franse De Dederick, in die Vrystaat geword het, aangekoop vir die ruim bedrag van £800. Daar word vertel dat Charlie in daardie jaar as krieket-geesdriftige skielik by die Ramblersterrein moes uitkom waar die M.C.C.-krieketspan in aksie was. Ene Janda, die fabrieksverteenwoordiger wat spesiaal saamgestuur is om Charlie in motorbestuur touwys te maak, was nie onmiddellik beskikbaar nie. Charlie het dapper self na Ramblers bestuur waar hy nie kon onthou hoe om die voertuig tot stilstand te bring nie en om en om die veld moes ry totdat Janda opgespoor is en Charlie te hulp kon snel om die voertuig tot stilstand te bring. In 1910 het hy vir hom 'n Ford by Atkinson in Bloemfontein aangekoop vir £375. Vgl. VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, pp. 70-71.

maklik die pyp kon rook, is getemper deur hierdie omstandighede. Op elke kandidaat is sewe stemme uitgebring. Volgens munisipale voorskrifte moes 'n nuwe stemming onmiddellik plaasvind en sou daar weer 'n staking van stemme wees, moes die voorsitter van die wyksverkiesingskomitee volgens eie oordeel 'n wenner aandui. Reid het nou nege stemme getrek, Charlie en Van Reenen weer sewe elk, terwyl die ander kandidaat uitgeval het. Charlie se kanse was op 'n mespunt, maar die voorsitter het sy beslissende stem teen hom aangewend. Op 9 September het burgemeester Fichardt afskeid van die raad geneem – hy het hulle bedank dat hulle hom vertrou het om die amp na die dood van Sowden vol te staan, terwyl die raad hom weer bedank het vir sy toegewyde diens aan die raad en stad. B.O. Kellner is toe weer as burgemeester aangewys.[60]

Tydens Charlie se termyn in die stadsraad, hetsy as raadslid, onderburgemeester of burgemeester, is voorsiening gemaak vir beter sanitasiegeriewe (hy was deel van die betrokke ondersoekkomitee) en elektrisiteit- en watervoorsiening aan die stad, die oprigting van 'n nuwe biblioteek (moontlik gemaak deur 'n skenking van sy pa) is beoog, die Waaihoek-township is as een van die netjiesste swart woonbuurte in die land beskou en die boekhou-sisteem van die mark is verbeter. Ofskoon 'n nuwe raadskamer vir die stadsraad by die stadsaal ingerig is, het hulle dit weldra onprakties gevind en na die ou een teruggetrek, terwyl die sanitasie-afdeling voortaan die nuwe geriewe sou benut. [61]

ANGLO-BOEREOORLOG

Aan die einde van die negentiende eeu het daar tussen Brittanje en die twee Boererepublieke, Transvaal en die Oranje-Vrystaat, groot spanning opgebou. Charlie Fichardt het sy woning in Elizabethstraat in Bloemfontein vir pres. Paul Kruger van Transvaal se verblyf beskikbaar gestel toe hy tydens die Bloemfontein-konferensie, wat van 31 Mei tot 5 Junie 1899 sou duur, in Bloemfontein was om met lord Alfred Milner oor die voorkoming van die oorlog te onderhandel. Die meeste mense het gevrees dat die onderhandelinge van die begin af gedoem was as gevolg van Brittanje se onversetlike houding oor veral die uitlanderkwessie in die Transvaal. Op versoek van Charlie het sy pa ingewillig dat Milner in Kaya Lami kon tuisgegaan.[62]

Op 9 Julie 1899 het Charlie nog aan sy suster Ella, wat om gesondheidsredes in Kaapstad was, uit Bloemfontein geskryf dat hy hoopvol is dat 'n lieflike vredestryd in plaas van 'n oorlogstryd sou aanbreek. In dieselfde brief vertel hy die interessante voorval wat hy waargeneem het toe pres. Steyn lord Alfred en pres. Kruger in Bloemfontein aan mekaar voorstel – hy was nie bewus dat dit in die pers gerapporteer is nie. Na die gebruiklike formele groetwoorde, het Kruger blykbaar onmiddellik aan Milner in aardse beeldspraak uitgespel hoe hulle teen mekaar opweeg, maar tog dieselfde doel voor oë het om die kwessie bevredigend op te los. Hulle staan soos 'n driftige jong perd en 'n ou muil teenoor mekaar, maar beide ingespan voor dieselfde rytuig, het die Transvaalse president glo gesê.

---

60 VPAB: *MBL 1/1/1/9*, Stadsraadsnotule, 9.8.1898, p. 62; 9.9.1898, p. 78; *The Friend*, 6.9.1898; *The Daily Express*, 10.9.1898. *The Friend*, 13.9.1898; Haasbroek, Die rol van dr. B.O. Kellner, pp. 99-100.

61 VPAB: *MBL 3/1/4*, Burgemeestersverslag 1895/96, pp. 2-8; *MBL 3/1/5*, Burgemeestersverslag 1896/97; pp. 2-6; *The Daily Express*, 10.9.1898; *The Friend*, 13.9.1898.

62 K. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 140. As die nuwe Britse hoë kommissaris het lord Milner in 1898 tydens 'n vlugtige besoek aan Bloemfontein ook in Charlie se huis in Elizabethstraat tuisgegaan.

Vergeefs het die perd gebeur om vinnig vooruit te gaan en die drywer die muil aangepor om die pas van die perd te handhaaf, want die muil kon nie vinniger beweeg nie. Die perd was toe verplig om by die pas van die muil in te val, maar tog, na alles, is Pretoria veilig bereik. Milner het hierop net geglimlag.[63]

Die Anglo-Boereoorlog het op 11 Oktober 1899 uitgebreek. As republikein en Vrystater in murg en been ondanks sy Duits/Britse afkoms en natuurlik ook ingeskerp deur sy ouers se sentimente daaroor, was Charlie gereed om sy deel vir volk en vaderland in die oorlog te bring. Hy was toe alreeds 'n vriend en vertroueling van pres. M.T. Steyn. Hy het as kaptein op kommando vertrek, rapportryer en verkenner vir die suidelike kommando's geword en sovêr dié posisie dit toegelaat het dapper aan gevegte deelgeneem, waaronder die beleg van Kimberley en die veldslae by Belmont, Graspan, Modderrivier, Magersfontein, Colesberg en Suffolk Hill. Onder Charlie se bevel was 25 manskappe met wie hy 'n goeie verhouding gehad het. Hy het sodanig hul respek geniet dat wanneer lekkernye beskikbaar was, hulle dit eerste vir hul kaptein aangebied het.[64]

Op 9 November 1899 toe hy hom op Olifantsfontein naby Kimberley bevind, laat weet hy sy ouerhuis in Bloemfontein dat hy al in staat is om agter die kleinste rots skuiling te soek as die koeëls begin fluit en hy gereed is om genl. Hertzog diep in Griekwaland-Wes in te vergesel. Hy bemoedig sy pa met die gevleuelde woorde "alles zal recht komen" van pres. Brand en dat iets sal opduik om hul klein staatjie te red.[65]

In die somberheid wat die oorlog omhul, skryf die altyd opgeruimde Charlie op 1 Januarie 1900 in ligte trant uit Jacobsdal, waar hy hom toe bevind, aan sy suster Ella wat verjaar: "I shall bring you a kind little Englishman as a present, and I hope you will be able to teach him that the Boer is not a savage as he is painted."[66] En aan sy ma 'n paar dae later – die kinders het uit toegeneentheid in briewe haar gewoonlik as "Muttie" aangespreek en Charlie begin ook sy brief met "Darling Muttie mine" - om haar besorgdheid oor hom draagliker te maak dat dit goed gaan. "I am well, and becoming a wonderfully wily scout," lig hy haar in. "I can cook a bit, have learned to shoot a good shot, picked up a lot of Dutch, smoke like a Dutchman, eat like a savage & chew tobacco – no, I stop right there – I would not chew tobacco, though they say it is an excellent substitute for food."[67] In ander briewe aan sy ouers in hierdie tyd laat weet hy hulle telkemale dit gaan goed onder omstandighede en hy waardeer die whisky en lekkernye wat hulle aanstuur.[68] In 'n telegram sou hy korswel dat hulle asseblief whisky wat rondlê en wat hulle nie wil hê nie, spoedig moes stuur, hy en sy makkers sal weet wat om daarmee te doen.[69]

Charlie, wat in 'n stadium deel van genl. Piet Cronje se laer was, het voor die generaal se oorgawe in Februarie 1900 met 4 000 man by Paardeberg daarin geslaag om te ontvlug. In die verwarring wat met lord Roberts se deurbraak na Bloemfontein ontstaan het, is hy op 7 Maart 1900 deur die Britte aangekeer nadat sy perd by Poplar Grove onder hom doodgeskiet is en hy sy heup beseer het. Charlie is in die Bloemfonteinse tronk aangehou

63 VPAB: *A 328*, 6(c), C. Fichardt – E. Fichardt, 9.7.1899.
64 VPAB: *A 328*, 41(b), C. Fichardt – Caroline Fichardt, 6.2.1900.
65 VPAB: *A328*, 6(c), C. Fichardt – E. Fichardt, 9.11,1899.
66 VPAB: *A 328*, 6(c), C. Fichardt – E. Fichardt, 1.1.1900.
67 VPAB: *A 328*, 41(b), C. Fichardt – Caroline Fichardt, 4.1.1900.
68 VPAB: *A 328*, 41(b), C. Fichardt – Ouers, 18.12.1899; 1.1.1900.
69 VPAB: *A 328*, 41(b), C. Fichardt – Caroline Fichardt (tel.), ? Desember 1899.

nadat die stad op 13 Maart beset is. Per korswel-nota het hy sy familie laat weet “that he was being entertained at Mrs. Victoria’s expenses”.[70] Onder die wanindruk dat die oorlog feitlik oor is en die Boere gebreek, is Charlie deur die Britse bevelhebbers toegelaat om op parool saam met Katie en hul seun na Kaapstad te vertrek waar hulle 'n tyd lank in Mowbray gewoon het. Hier het Charlie met sy aangename persoonlikheid en sy liefde vir die Boeresaak in die kringe van Boeresimpatiseerdes John X. Merriman, J.W. Sauer, F.S. Malan, S.C. Cronwright-Schreiner, mev. Koopmans De Wet, Olive Schreiner en Emily Hobhouse, met wie hy sterk vriendskapsbande opgebou het, beweeg.[71]

Ook hier in die Kaap is hulle dogter Valerie op 19 Januarie 1901 gebore. In sy aankondigingsbrief aan sy ma oor die nuwe aankomeling het Charlie behoorlik sy trots en blydskap oor die geboorte van 'n dogter uitbasuin.[72]

In dié tyd moes die Fichardt-kinders ook die afsterwe van hul pa beleef. Die dag voor sy dood op 6 Junie 1900 het Gustav Fichardt aandete genuttig, biljart gespeel en saam met van sy familielede, asook Nakie Smith, tee en kakao gedrink. Skielik het hy dodelik siek geword. Op 7 Junie is die ou patriarg op Brandkop te ruste gelê. Die begrafnis kon Charlie en sy twee susters nie bywoon nie omdat hulle in Kaapstad was.[73]

Die bekende mej. Emily Hobhouse het nou die lewe van die Fichardts betree. Emily is in 1860 in die dorpie St. Ive in Cornwallis, Engeland, gebore. Sy was ‘n oortuigde pasifis sodat die oorlog teen die Boererepublieke haar van meet af teen die bors gestuit het. Die konsentrasiekampbeleid van die Britse militêre owerheid in Suid-Afrika het haar met weersin vervul. Emily het na die oorloggeteisterde Suid-Afrika vertrek om 'n aantal uitgebreide reise deur die gebied te onderneem ten einde eerstehandse inligting oor die toestande in die konsentrasiekampe in te win en terselfdertyd persoonlike noodlenigingswerk te doen.[74]

Vir haar kruistog gedurende die oorlog na die Vrystaat het Charlie Fichardt bemiddel dat Emily Hobhouse by sy moeder in Kaya Lami kon tuisgaan. Tydens haar onbaatsugtige werksaamhede in die Vrystaatse konsentrasiekampe sou die Fichardts se groot woning dus haar hoofkwartier wees.[75]

Terug in Bloemfontein na die oorlog het Charlie en sy vrou (fig. 8) in November 1902 'n eis ingestel vir voorwerpe wat uit hul woning, wat gedurende die oorlog deur Britse personeel benut is, vermis word. Die lys van vermiste goedere sluit onder andere in Shakespeare-werke, ysterlampe, 'n koper inkstander, krieketkolwe, gholfstokke en -sak, tennisrakette, klere, 'n Kodak-kamera, huishoudelike en tafellinne, 'n saal, gewere en 'n klein Colt-rewolwer. Die betrokkenes het bloot verklaar dat met die okkupeer van die huis 'n inventaris van die inhoud opgestel is en dat dit met die ontruiming daarvan in September

---

70 Schoeman (red.), *Pen pictures*, p. 68.
71 *The Friend*, 31.5.1923; VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 61; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 301; Schoeman, *Bloemfontein*, p. 154; Fichardt Pieterse, p. 75.
72 Fichardt Pieterse, p. 83.
73 K. Schoeman (red.), *Pen pictures*, pp. 75-79.
74 M.J. Swart, P.G. Nel e.a. (reds.), *Afrikaanse kultuuralmanak* , p. 110.
75 Haasbroek, *'n Seun soos Bram*, p. 65.

1902 weer gekontroleer is as korrek en dat die vermiste items nooit deel van die inventaris was nie.[76]

Figuur 8: Katie Fichardt in 1902.
(foto: Nasionale Museum, Bloemfontein)

Na die dood van Caroline in 1903 het Ella, Everard en Nakie eers voortgegaan om die ou herehuis te bewoon en in stand te hou soos wat hul ma dit graag sou wou hê. Charlie en sy gesin het weldra in Kaya Lami ingetrek. Maude is reeds in 1902 getroud en in 1907, soos genoem, het Ella en Everard met hul geliefdes in 'n dubbelhuwelik afgehaak en op hulle eie gaan nesskop. Hierna het Nakie lank by Ella-hulle en toe by Maude-hulle gebly.[77]

STADSRAADSLID (1906-1907)

Charlie Fichardt het in Januarie 1906 weer stadsraadslid geword en die posisie tot November 1907 beklee.[78] Hierdie was 'n onverkwiklike tydperk in sy openbare lewe en in diens van sy gemeenskap. Hy het ingestap in 'n stadsraad wie se bestuur van die stad toe reeds onder verdenking was en wat al hoe meer sou uitrafel. In 1907 het Bloemfontein wat betref plaaslike regering een van sy grootste opskuddings beleef. Sedert 1905 het matelose eksterne en interne probleme en woelinge op verskeie terreine, waaronder finansiële bestuur, uiteindelik daartoe gelei dat die hele raad, die burgemeester inkluis, in Augustus

[76] VPAB: *CO 113*, 4888/2, Articles missing from Mr. Chas. Fichardt's house, 1902.
[77] *Die Volksblad*, 28.4.1947; Haasbroek, *'n Seun soos Bram*, p. 71.
[78] VPAB: *MBL 3/1/11*, Jaarboek tot einde 1906, p. 4; *MBL 3/1/12*, Jaarboek tot einde 1907, p. 4.

1907 gedwing is om in geheel, en in ‘n sekere sin in oneer, moes bedank. Hierdie stadsraad-debakel het grootliks onder die burgemeesterskap van Wolff Ehrlich plaasgevind. Veral *The Friend* het ‘n meedoënlose veldtog gevoer om die stadsraad tot ‘n val te bring. Die belastingbetalersvereniging was gedurende hierdie tyd ook gedurig haaks met die burgemeester in die besonder en die raad in die algemeen oor die wyse waarop hulle die stad bestuur het.[79]

In 1905 het dit vir die pers, asook rolspelers en kundiges buite die munisipaliteitskader, al hoe meer ooglopend geword dat die stadsraad die stad swak en argeloos bestuur, veral op finansiële gebied. Sedert 1906 het die kritiek teen die stadsraad al hoe feller en substansieel geword sodat dit nie meer so maklik deur die burgemeester en stadsraad verantwoord of gesystap kon word nie. Daar was sprake van geheimhouding, wanvoorstellings om die finansiële posisie in 'n beter lig te stel, verklarings dat daar geen wesenlike probleme rondom die stad se finansies is nie terwyl die praktyk op die teendeel wys, onbevredigende boekhouding, oortrokke fasiliteite wat toeneem en verdagte begrotings. Die opvallende gebrek aan kundigheid oor geldsake onder heelwat raadslede is ook uitgewys, hoewel Charlie en die burgemeester bekend was vir hul finansiële kundigheid.[80] Die afwesigheid van lede by stadraadsvergaderings is ook geopper – sedert die verkiesing in Desember 1906 tot einde Junie 1907 het 17 vergaderings plaasgevind en Charlie is gebrandmerk dat hy taamlik laag lê met slegs sewe wat hy bygewoon het.[81]

Die munisipale kiesers en belastingbetalers van Bloemfontein het uiteindelik die hele sage op die spits gedryf. Op 22 Augustus 1907 het hulle 'n groot vergadering gereël waar ‘n mosie van wantroue in die burgemeester en stadsraad aanvaar en hulle bedanking geëis is. Om ten minste die raad se waardigheid te handhaaf, is 'n openbare vergadering onder die vaandel van die stadsraad 'n week later, op 29 Augustus, belê om finaal die gevoelens van die inwoners oor die stadsraad te toets. Hier moes nou die mosie van wantroue in die stadsraad wat ‘n week gelede by die massavergadering gedien het, bevestig of verwerp word. Saam met die burgemeester op die verhoog was behalwe B.O. Kellner die volle raad teenwoordig, te wete Charlie Fichardt, J. Hanna, W. Lambon, S. de Jager, L. Nathan, I. Haarburger, A. Deale (onderburgemeester), C.L. Botha, A.E. Parfitt en B. Levy, asook die stadsklerk, assistentstadsklerk en die stadsingenieur. Die vol saal en die feit dat so te sê die hele stadsraad en belangrike amptenare teenwoordig was, dui daarop dat hierdie een van die belangrikste munisipale vergaderings was wat die stad in 'n lang tyd beleef het.[82]

Die vergadering het in chaos verval toe burgemeester Ehrlich aankondig dat 'n direkte mosie van vertroue in die stadsraad die paal gehaal het, terwyl dit opvallend was dat dit nié so is nie. Ofskoon die algemene raadsverkiesing binne drie maande sou plaasvind, het die raadslede na hierdie ongemaklike voorval weinig van 'n keuse gehad as om almal te bedank. 'n Nuwe verkiesing het op 16 September 1907 plaasgevind. Almal wat op die raad was, het weer gestaan, terwyl nuwe kandidate ook in die stryd was. 'n Interessante wending in die hele debakel was die gesamentlike besluit van die ou raadslede dat hulle geen verkiesingsveldtog gaan voer of enigsins hulle kiesers gaan toespreek nie. Hulle het

---

79 J. Haasbroek, Die gebeure wat gelei het tot die bedanking van die Bloemfonteinse stadsraad in 1907, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 23(2), April 2007, p. 77.
80 *The Friend*, 17.5.1905; 30.1.1906; 5.11.1906; 1.8.1907.
81 *The Bloemfontein Post*, 22.6.1907.
82 *The Friend*, 29.8.1907; 30.8.1907.

waarskynlik besef dat dit tot eindelose haarklowery en beskuldigings sou lei en gevoel dat die kieserskorps maar self 'n oordeel moes vel.[83]

Die helfte van die ou span is nie weer verkies nie, maar Charlie het die paal gehaal met 302 stemme – die vyfde meeste van die 12 suksesvolle kandidate. Soos verwag, het die eerste stadsraadsvergadering na hierdie verkiesing op 19 September, waar die pers en 'n groot aantal van die publiek teenwoordig was sodat sitplek 'n probleem was, effens ongemaklik verloop. Dit was duidelik dat van die ou raadslede wat weer verkies is taamlik gevoelig was oor die wyse waarop hulle diens beëindig is. C.L. Botha is onbestrede as burgemeester aangewys. Raadslid Barlow, een van die nuwe lede, het gemoedelik 'n mosie ingedien om die vorige burgemeester en raadslede namens die gemeenskap vir hulle diens aan die stad te bedank.[84]

Dit was duidelik dat Charlie, as deel van die ou groep, nie juis vrede gemaak het met die afgelope gebeure nie. Hy het die mosie beskou as komende van die 'opposisie' en daarom was hy nie gemaklik daarmee nie. Hy was van mening dat die mosie nie in goeie gees voorgedra is nie. Na die beledigings en verguising wat veral Ehrlich as burgemeester oor 'n lang tyd moes deurmaak, is so 'n mosie in slegte smaak en niks anders as 'n gehekel met die hele omstandighede. Sy trots, het Fichardt voortgetier, verhoed hom om vir hierdie skynheilige mosie te stem wat in 'n gees van sarkasme gemaak is. Ehrlich was onmiddellik na Charlie aan die woord en het gesê dat laasgenoemde hom voorgespring het om dieselfde siening weer te gee.[85] "The proposal was well meant," het *The Friend* sy mening gegee, "though it ruffled, it seems, feelings which it was intended to smooth."[86]

Blykbaar het die 'afgesette raad' hulself nie as skuldig beskou aan enige ernstige ongerymdhede nie en dat hulle eerder deur omstandighede en politiekery, gepaardgaande met 'n aanvallende pers, benadeel is. 'n Amptelike onafhanklike regeringskommissie van ondersoek na die hele aangeleentheid – die instelling daarvan het Charlie en Wolff Ehrlich volmondig ondersteun - het bevind dat daar wel ongerymdhede in die bestuurstyl van die raad was, maar nie op die oorweldigende skaal wat die anti-stadsraad-groep gewoonlik gepredik het nie.[87]

Op 13 Desember 1907 het die algemene raadsverkiesing plaasgevind. Ofskoon Charlie nie deel was van die helfte van die raadslede wat moes uittree nie (dit sou eers Desember 1908 op hom van toepassing wees) en hulle weer verkiesbaar stel sou hulle wens om voort te gaan, het hy genoeg van die plaaslike politiek gehad en intussen sy bedanking ingedien. Op 7 November 1907 het hy sy laaste stadsraadsvergadering bygewoon. [88]

In hierdie tyd van "municipal muddling" soos *The Friend* dit beskryf het en waarvan Charlie deel was, het daar tog verbeterings vir die stad plaasgevind soos die totstandkoming

---

83 *The Friend*, 31.8.1907; 16, 17 en 20.9.1907; J. Haasbroek, Die rol van Wolff Ehrlich, pp. 91-92.
84 VPAB: *MBL 1/1/1/13*, Stadsraadsnotule, 19.9.1907, p. 472; *The Friend*, 16 en 17.9.1907.
85 VPAB: *MBL 1/1/1/13*, Stadsraadsnotule, 19.9.1907, p. 472.
86 *The Friend*, 20.9.1907.
87 VPAB: *MBL. 3/1/12,* Jaarboek tot einde 1907 - Verslag van regeringskommissie rakende administrasie en finansies van Bloemfontein, 18.11.1907; *The Friend*, 20.1.1907; Haasbroek, Die gebeure wat gelei het tot die bedanking van die Bloemfonteinse stadsraad, p. 99.
88 *The Friend*, 7 en 13.11.1907, 14.12.1907; *Government Gazette*, 16.11.1907.

van parke, die aanplant van duisende bome en 'n nuwe slagpale, biblioteek en swembad, asook 'n verbeterde riolering-, telefoon-, gesondheid-, brandweer- en paaiestelsel.[89]

Charlie het skaars die stof van die stadsraad van sy skoene afgeskud, of hy was in twee hofgedinge met die raad betrokke. In 1908 het die stadsraad in die hooggeregshof van die Oranjerivierkolonie 'n saak teen hom aanhangig gemaak omdat hy nie bereid was om sy waterrekening vir sy eiendom in Bo-Kerkstraat ten volle te vereffen nie omdat hy geglo het sy watermeter-lesing is foutief en daar probleme met die pypleiding is. Die hofsaak het groot openbare belangstelling gewek en die pers het in detail in ellelange kolomme oor die saak berig. Adv. Everard Fichardt, Charlie se broer, het vir hom opgtree. Die stadsraad het, deur kundiges in te roep as getuie, probeer bewys dat die meter korrekte lesings neem en slegs kon werk as water deurgelaat word, terwyl die verdediging daarop gehamer het dat die gebruik ongehoord hoog is vir 'n perseel wat vir 'n geruime tyd gesluit was en dat die meter ook deur 'n lugdrukborrel geaktiveer kon word om lesings te neem. Laasgenoemde is as baie onwaarskynlik deur kenners afgemaak, en sou dit so wees, slegs 'n geringe uitwerking op die meterlesing gehad het. Aangesien die stadsraad bo redelike twyfel kon bewys die meter funksioneer korrek, het Charlie die onderspit gedelf en hy was ook verantwoordelik vir al die kostes van die saak.[90]

In dieselfde jaar het Charlie op sy beurt hofstukke aan die raad bestel omdat hulle in gebreke gebly het om volgens hom en sy drie broers, Arthur, Herbert en Everard (almal deel van Fichardt Estates), doeltreffende waterdreinering in Maitlandstraat te verskaf met die gevolg dat Fichardt Chambers met reënwater oorstroom word en hulle hul geregtig op skadevergoeding beskou.[91]

DIE POLITIEKE PAD, MAAR STEEDS DIENS AAN DIE GEMEENSKAP

Ofskoon Charlie uit 'n grootliks Engelse agtergrond kom – sy ma was Engelssprekend en het Afrikaans nooit heeltemal baasgeraak nie dat die huistaal nie anders as Engels kon wees nie – en hy lank in Skotland vertoef het, was hy anti-Brits, 'n republikein en in murg en been 'n nasionalis. Die hele Fichardt-gesin het hulle trouens aanvanklik in 'n mindere of meerdere mate in die sfeer bevind.[92]

Deur as stadsraadslid te dien het Charlie 'n behoorlike leerskool in die openbare lewe deurloop en vir menigeen was dit duidelik dat sy belangstelling in die landspolitiek as dryfveer gedien het dat hy finaal uit die stadsraad getree en sy vlerke wyer gesprei het.

---

89 VPAB: *MBL 3/1/12*, Jaarboek tot einde Desember 1906 (Burgemeestersverslag), pp. 7-34; Jaarboek tot einde 1907 (Burgemeestersverslag), pp. 7-34.

90 VPAB: *HG 4/2/1/1/5*, 259/1908, The Town Council of Bloemfontein / Charles Gustav Fichardt, 1908; *The Friend*, 8, 9, 18 en 20.7.1908; *The Bloemfontein Post*, 7, 9 en 17.7.1908.

91 VPAB: *HG 4/2/1/1/3*, 259/1908, The Fichardt Estate / The Town Council of Bloemfontein, 1908.

92 Haasbroek, *'n Seun soos Bram*, p. 51; Persoonlike onderhoud: Zaza Pieterse, Bloemfontein, 4.6.2012.

Hy was reeds in 'n leidende hoedanigheid betrokke in die aanloop tot en by die stigting in 1906 van die Orangia-Unie met sy Afrikaner-belange en sy afstuur op selfregering in die Oranjerivierkolonie.[93] Met die toekenning in 1907 van selfbestuur aan die kolonie toe die Unie die mag oorgeneem het, het Charlie onder toejuiging by 'n Unie-geleentheid gesê dat op Brandkop daar swart families is wat al dekades op die plaas werk, dit is families wat hy respekteer en glo hulle moet regverdig en vriendelik behandel word, maar hy is nie ten gunste van stemreg vir hulle nie.[94] As stadsraadslid het Charlie in 1907 ook te kenne gegee dat hy nie ten gunste daarvan is dat die swart gemeenskap in die raad verteenwoordig word nie – dit was immers die algemene opvatting van die raad.[95]

Sy eintlike politieke loopbaan het saam met Uniewording in 1910 begin. Hy is as lid van die Suid-Afrikaanse Party (SAP) tot Volksraadslid vir Ladybrand verkies, 'n setel wat hy tot die dag van sy dood sonder noemenswaardige teenstand by verkiesings behou het. Toe genl. Hertzog as gevolg van politieke verskille deur die eerste minister uit die kabinet gelaat is, het Charlie ook uit die regerende SAP getree en in 1914 'n stigterslid van Hertzog se Nasionale Party (NP) geword. Hy is in Januarie 1914 tydens die stigtingskongres in Bloemfontein tot 'n komitee verkies wat verantwoordelik sou wees vir die voorlopige oprigting en organisasie van die NP.[96]

Charlie en sy broer Everard sou al twee die NP in die Volksraad verteenwoordig, Arthur het nie hul politieke sienings gedeel nie en Bertie was meer op die agtergrond – "for the Fichardts were a high-tempered, quarrelsome lot, and politics had driven deep wedges between different branches of the family".[97] In die party se skadu-kabinet het Charlie aanvanklik as minister van mynbou en lande gedien. Met sy buitengewone kennis van finansies, sy redeneer- en werksvermoë het hy as een van die bekwaamste lede van die opposisie na vore getree sodat hy as die party se woordvoerder oor finansies aangewys is. In 'n stadium skryf hy aan sy suster, Ella Fischer, en meld effens voldaan: "I had a great reception for my budget speech, and it was well spoken of even by the opposition, and in the main was well reported in the opposition papers."[98]

Veral in die eerste sitting van die nuwe parlement in 1921 het Charlie in dié hoedanigheid geskitter om as deel van die NP-opposisie die regering se ekonomiese, landbou- en nywerheidsbeleid skerp te kritiseer. In die parlement verkondig hy ook deurgaans die regte en vryhede van 'n onafhanklike Suid-Afrika. Die woelinge in die Volksraad en die politieke tendense op landsvlak was vir hom die openbare lewe waarna hy nog altyd gesmag het. Hy was bekend daarvoor dat hy uit die droogste of bitterste debat 'n gevatte kwinkslag kon optower wat gemoedere onderskeidelik kon opkikker of laat bedaar.[99]

---

93 D.A. van der Bank, Die stryd om die behoud van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie, 1902-1910 (ongepubliseerde Ph.D.-tesis, 1993, UV), pp. 323-328.
94 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 224.
95 *The Friend*, 18.1.1907.
96 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party* I, pp. 138, 195.
97 Packer, p. 61.
98 VPAB: *A 328*, 37, C. Fichardt – E. Fischer, 18.4.1923.
99 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 65; *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 301; Geyser & Marais (reds.), pp. 245, 506.

Reeds tydens die Anglo-Boereoorlog is daar 'n band tussen Charlie en genl. J.B.M. Hertzog, vier jaar ouer as hy, gevorm. As toegewyde vriend was hy oor 'n tydperk van ruim 20 jaar een van Hertzog se sterkste ondersteuners en hy het die generaal Judex ("regter" in Latyn) genoem. Ondanks opvallende karakterverskille behalwe daadkrag – die alom gewilde, gemoedelike, gevatte en opgeruimde Charlie teenoor die gewoonlik doodernstige, intense en snydende generaal wat maklik vyande gemaak het – het die vriendskapsband nooit gewankel nie. Met Charlie se dood sou die pers spesiaal melding maak dat hy in baie opsigte die regterhand van die generaal was: "Vir ewig sal dit tot sy eer gemeld word, dat hy een van die Daniëlsbende was, wat by generaal Hertzog gestaan het tydens die Botha-Hertzog krisis."[100]

Charlie was bekend as 'n knap organiseerder en dit is geen wonder dat hy met en na Uniewording in 1910 steeds by etlike van Bloemfontein as stad se groot momente betrokke was. So het hy gereël dat op Uniedag 1910 'n groot kinderfees op Brandkop plaasvind. Nagenoeg 2 000 kinders is met alle moontlike vervoermiddels uit die stad na die familieplaas gebring waar 'n genotvolle dag plaasgevind het.[101]

Die vertroue wat die gemeenskap in Charlie se organisasievermoë gehad het, het weer duidelik geblyk toe hy gevra is om by die reël van twee groot geleenthede betrokke te wees, te wete die onthulling van die Vrouemonument in Bloemfontein en later by die teraardebestelling van pres. M.T. Steyn aan die voet van dié monument.

Die oprigting van die Vrouemonument in Bloemfontein wat sou hulde bring aan die vroue en kinders wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die konsentrasiekampe gesterf het, het omvattende reëlings vereis. Charlie, tesame met onder andere pres. Steyn (voorsitter), Hertzog, A. Fischer, W.J.C. Brebner, J.P. Steyl en ds. C.D. Murray, het op die sentrale monumentekomitee gedien wat die hele proses moes dryf en na die totstandkoming moes voortgaan met die administrasie en instandhouding van die monument. Na jare lange arbeidsaamheid is die Nasionale Vrouemonument amptelik op 16 Desember 1913 onthul.[102] Steyn het juis persoonlik aan Charlie geskryf om hom geluk te wens met die treffende wyse waarop die onthullingsplegtigheid afgeloop het en nie nagelaat om sy vaardigheid as organiseerder daarmee te prys nie.[103] Charlie is die eer aangedoen om Emily Hobhouse, wat weens siekte nie die geleentheid kon bywoon nie en haar in Beaufort-Wes bevind het, se toespraak voor te lees.[104] Hy was bereid om haar hartlik in Kaya Lami te ontvang waar sy in 'n boonste ruim kamer sou kon tuisgaan, en die stoel vir invalides wat voorheen deur pres. Steyn benut is, sou tot haar beskikking wees om haar op en af te dra. Groot was die teleurstelling toe sy nie self die opening kon waarneem nie, maar Tibbie Steyn, die president se vrou en 'n groot vriendin, wat in haar plek die onthulling waargeneem het, het haar laat weet dat Charlie haar geskrewe toespraak met "much feeling and expression" voorgedra het.[105]

---

100 *Die Volksblad*, 31.5.1923.

101 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 65.

102 *De Vriend des Volks*, 15.12.1913; *The Friend*, 17.12.1913; K. Schoeman *In liefde en trou*, p. 121; J. Haasbroek, *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat* (Memoirs van die Nasionale Museum, Bloemfontein, 23, 1987), pp. 320-322.

103 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 66-67.

104 E. Truter, *Tibbie:Rachel Isabella Steyn 1865-1955 – Haar lewe was haar boodskap*, p.121.

105 *The Friend*, 17.12.1913; Truter, pp. 121-122. Volgens *The Friend* het Valerie Fichardt, Charlie se dogter, 'n ruiker van aronskelke en varings aan mev. Steyn oorhandig.

Tussen Charlie en pres. Steyn, wat na die Anglo-Boereoorlog al hoe meer gesondheidsprobleme ondervind het, was daar ook 'n goeie vriendskapsband wat op wedersydse agting berus het. Hy het in die ou staatsman 'n ware mentor in sy politieke loopbaan gevind. Met die president se dogter, Tibbie, se troue in 1916 met die predikant J.N. van der Merwe, het Steyn die bruid die kerk ingelei, maar hy moes op Charlie steun.

Die vertroue tussen die twee leiers uit die Vrystaat het inderdaad weer duidelik na vore gekom toe die Rebellie in 1914 aan die gang was nadat onder andere generaal C.R de Wet en sy ondersteuners, hoofsaaklik uit Afrikaner-geledere, die wapen opgeneem het as protes teen die Botha-regering se besluit om tydens die Eerste Wêreldoorlog Duits-Suidwes-Afrika te beset.

Die oudpresident het Charlie na sy plaas Onze Rust buite Bloemfontein ontbied en versoek om saam met sy seun, Colin Steyn (later 'n kabinetsminister), die Boeregeneraal op die slagveld te gaan opsoek en hom te oorreed om sy onderneming, wat besig was om Afrikaner teen Afrikaner en broer teen broer te laat draai, te staak. Blykbaar sou De Wet ook gevra word om hom na Steyn te haas om hieroor te praat.[106] Die jong Gustav, Charlie se seun, is saam. Dié sending het per motor geskied en volgens vertelling was hulle weldra te midde van 'n botsing en fluitende koeëls rondom hul motor, waarna regeringstroepe voor hulle verby gevlug het met die opstandige burgers agterna, 'n agtervolging wat glo dwarsdeur Winburg gestrek het. De Wet, wie se perd doodgeskiet is, het hom by Charlie-hulle in die motor aangesluit en die geselskap is agter die rebelle aan. Charlie se skerp redenasievermoë het so byna De Wet laat afsien van die Rebellie terwyl hulle dit in die voortsnellende motor bespreek het. Die generaal se houding het skielik verander toe hy die tyding kry dat sy seun, wat saam met sy pa gerebelleer het, die oggend in 'n geveg omgekom het. Na dese was De Wet geensins vatbaar vir enige verdere samesprekings nie. Die vergieting van broederbloed voor hul oë het 'n onuitwisbare indruk op Charlie en sy seun gemaak. Kort hierna is De Wet en sy manskappe deur 'n oormag regeringsmagte oorweldig en gevange geneem.[107]

Vir die Afrikanergesindes in Bloemfontein was die jare van die Eerste Wêreldoorlog en Rebellie 'n moeilike en dikwels onaangename tyd waar die heersende gevoelens pro-Brits en anti-Hertzog was en beide Charlie en die generaal is met minagting deur heelwat inwoners bejeën. Nadat die Britse lynskip *Lusitania* deur 'n Duitse duikboot gekelder is, word hulle wonings deur 'n sewentigtal manne met pikstele bewaak.[108]

In 1919 sou Charlie-hulle Brandkop toe verhuis om die nuwe huis op die plaas te betrek.[109] Die Fichardts het voorlopig hulle aansien in die stad en daar buite behou en op Brandkop is daar nog in dieselfde styl en op dieselfde skaal onthaal as in die ou familiewoning Kaya Lami. Die dorpshuis is mettertyd in die Free State Hotel omskep wat later moes plek maak vir uitbreidings aan die Fichardt-winkel. Die firma G.A. Fichardt het in 1948 nog sy 100-jarige bestaan gevier, maar is dieselfde jaar deur die Greatermans-groep oorgeneem. In die

---

106 M.C.E. Van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet – Krygsman en volksman*, p. 273.
107 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, pp. 67-68.
108 Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 238, 242; Haasbroek, *'n Seun soos Bram*, p. 94.
109 Fichardt Pieterse, p. 38.

1970's het die ou naam verdwyn. Tans word die hele terrein wat eens die winkel en Kaya Lami en sy tuin beslaan het, deur die Middestadsentrum in beslag geneem.[110]

AFSTERWE

Charlie se lewe het aan die einde 'n uiters tragiese wending geneem. Daar was die verwagtinge dat sou sy party, die NP, aan bewind kom, dit 'n uitgemaakte saak sou wees dat hy 'n kabinetspos, vermoedelik finansies, sou kry.[111] Die vrug van sy jare lange onvermoeide politieke arbeid het hy nooit gepluk nie. Die jaar voor die NP aan bewind gekom het, het Charlie op die relatief jong ouderdom van 53 gesterf.

Waarvoor Charlie op 23 Mei 1923 in Kaapstad geopereer is, is nie algemeen bekend nie. Volgens die betrokke dokter was die operasie 'n sukses, maar die politikus se gestel was fisies en geestelik so geknak na sy dogter Valerie (fig. 9), bekend vir haar skoonheid, se skielike dood op 22-jarige ouderdom na 'n blindedermoperasie in Kaapstad, waar sy saam met haar pa vir die parlementsitting was, dat hy die wil om te lewe prysgegee het.[112]

Karel Schoeman skryf: "Haar beeld het die jare oorlewe as dié van 'n soort towerprinses, omstraal met die rykdom en aansien van haar familie."[113] Valerie Marie Caroline Fichardt is op 1 Mei 1923 in die Monastery-hospitaal in Seepunt oorlede.[114] Kort voor haar operasie het Charlie nog gewens dat dit eerder hy kon wees wat die beproewing in die plek van sy dogter kon deurmaak. Charlie was baie erg oor hierdie dogter van hom en op haar 18de verjaarsdag het sy 'n kar present gekry. [115] Valerie is op 3 Mei, na 'n kort kerkdiens in die Tweetoringkerk, in die familiekerkhof op Brandkop begrawe (fig. 10). Vanuit Kaapstad het onder andere generaal Hertzog, wat ook 'n kort toespraak by die graf gehou het, saam met haar ouers teruggereis vir die begrafnis.[116] In 'n huldeblyk in die pers het "An Old Bloemfonteiner" geskryf: "It cannot be so. It cannot be true that so a radiant, so buoyant, so happy and beautiful a personality should have faded away into the Valley of the Shadow."[117]

---

110 Schoeman (red.), *Pen pictures* (1986), p. 116.
111 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 72.
112 VPAB: PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948, p. 72: Fichardt Pieterse, p. 42.
113 Schoeman, *Bloemfontein*, p. 249.
114 VPAB: *MHG 16300*, Sterfkennis Valerie Marie Caroline Fichardt, 1923.
115 VPAB: *A 328*, 37, C. Fichardt – E. Fischer, 18.4.1923; Packer, p. 63.
116 *The Friend*, 2 en 4.5.1923.
117 VPAB: *A 759* (ongeorden), Brieweboek (Okt. 1895 – Mei 1897) van Charlie Fichardt, koerantknipsel.

Figuur 9: Valerie, Charlie se dogter, is in 1923 op die jong ouderdom van 22 na 'n verbroude blindedermoperasie in Kaapstad oorlede.
(foto: Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek, Bloemfontein)

Charlie is op 30 Mei 1923 in die Rhodes Nursing Home te Muizenberg oorlede waar sy seun Gustav teenwoordig was. In die parlement, wat die vorige aand reeds tyding gekry het dat die ergste verwag kon word, het die premier, genl. Smuts, namens die regering, asook genl. Hertzog en kol. Cresswell van die Arbeidersparty, hulde aan Charlie gebring. Smuts het ook spesifiek na die familie-tragedie verwys waar Valerie oorlede is kort voor haar pa en hoe dit Charlie fisies en geestelik gefolter het. Hierdie tragiese omstandighede is in hierdie tyd in etlike huldeblyke en toesprake opgehaal. Vanselfsprekend het genl. Hertzog as Charlie se vriend en leier oordadig sy vlyt in die algemene landspolitiek en die NP in die besonder besing, hoe hy meedoënloos in die raadsaal op 'n opponent kon toeslaan, hoewel hy altyd die bal en nie die persoon getakel het nie. Selfs die Engelse pers het vermeld dat sy heengaan die grootste verlies vir die parlement is sedert die dood van genl. Botha as eerste minister.[118]

[118] *The Friend,* 30 en 31.5.1923; *Cape Times*, 31.5.1923; *Die Volksblad*, 31.5.1923.

Figuur 10: 'n Bedroefde Charlie Fichardt in 1923 by sy dogter Valerie se graf op die familieplaas Brandkop net buite Bloemfontein.

(foto: Nasionale Museum, Bloemfontein)

Die volgende dag is in die Grote Kerk in Adderleystraat 'n gedenkdiens gehou waar onder andere die parlementslede en ander hoogwaardigheidsbekleërs onder huldeblyke van die gestorwene afskeid geneem het en waarna die kis stasie toe geneem is vir die reis na Bloemfontein. Die stadsraad van Smithfield, genl. Hertzog se kiesafdeling, het ook spesiale hulde aan Charlie gebring omdat hulle hom na al sy besoeke aan die dorp saam met die generaal so goed geken het. Op 2 Junie 1923 is hy onder reuse openbare belangstelling deur ds. J.D. Kestell uit die Tweetoringkerk in Bloemfontein in die familiekerkhof op Brandkop begrawe – 'n maand na Valerie se afsterwe. Dit was 'n koue bleek dag, aangevul met sporadiese reënbuie, wat die droewige seremonie omvou het. Die Vrystaatse vierkleur wat in sy studeerkamer gehang het, het die kis bedek. In die kerk het P.K. de Villiers Tsjaikofski se vyfde simfonie op die orrel gespeel.[119]

Lady Joy Packer, die romanskrywer gebore en getoë in Kaapstad en ook bekend vir haar memoires – haar eggenoot was sir Herbert Packer (Britse vlootadmiraal), en Valerie was as jong meisies vriende en sy het in 1920 'n hele ruk op Brandkop gekuier. In 'n boek van haar sou sy hierdie tragiese familie-gebeure so beskryf: “It was all over for those two - the loving and the fighting – and they lay side by side under the fir trees in the silence broken only by the lowing of cattle, the tinkle of the sheep-bell, the soft cooing of doves and the sunset twitter of birds.”[120]

---

[119] *The Friend*, 31.5.1923, 2 en 4.6.1923; *Die Volksblad*, 4.6.1923. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 250.

[120] Packer, p. 71. Op bladsy 59 maak sy melding van die mak apie wat op Brandkop aangehou is. Die gebruik was dat die plaashonde oor die middaguur gelate aan die diertjie “uitgelewer” is om vlooie en bosluise op hulle te soek.

Die vermoede was dat die Fichardts van Brandkop besonder welgesteld is, maar Charlie se boedel het heelwat laste en skuldbepalings opgelewer sodat die balans vir distribusie, nadat die bates soos aandele, lewende hawe, meubels, skilderye, juwele, rente- en dividend-inkomste en lewenspolisse van £80 305 in ag geneem is, "nil" was. Aan onder andere die Nasionale Bank van Suid-Afrika was Charlie steeds die groot bedrag van £54 700 verskuldig. Aan sy vrou Katie en twee seuns, Gustav Arthur Innes en Everard Lewis Innes, is slegs die opbrengs van 'n beskermende lewenspolis uitbetaal, te wete £515 aan sy vrou en £505 elk aan die twee seuns. Aan sy oudste seun Gustav het Charlie volgens die wense van sy pa die plaas bemaak en het dit nie deel van die boedel gevorm nie, en aan Everard het hy die lewende hawe, plaasimplemente en landboumasjinerie besorg.[121]

SLOT

Charlie Fichardt was 'n opregte vaderlander en op politieke, sosio-ekonomiese en kulturele gebied was hy 'n baanbreker in die Vrystaat en veral in Bloemfontein. Die feit dat hy saam met groot Afrikanerleiers soos Steyn en Hertzog as volksleier geag en hy saam met Hertzog en Tielman Roos as die voorste leiers in die NP gereken is, het ongetwyfeld sy stand in die openbare lewe beklemtoon.[122]

Insiggewend genoeg het die land se Afrikaanse en Engelse media, laasgenoemde wat gewoonlik anti-NP was, hulde aan Charlie Fichardt as hoog aangeskrewe Volksraadslid gebring vir sy uitmuntende diens aan die land en gepaardgaande finansiële kennis, asook aan sy humorsin en gemoedelike temperament.[123] Vanselfsprekend het *Die Volksblad* die Vrystaat se gevoel na Charlie se dood eiesoortig en byna poëties verkondig: "Met sy heengaan verdwyn daar een van die mees bekende en alom gerespekteerde figure in die Vrystaat, 'n troue burger en groot vaderlander, wat by sy volk gestaan het deur die bangste ure van gevaar. Intens het hy in al die wedervaringe van die Afrikaner meegeleef en sal sy naam ook in die geskiedenis van die Vrystaat geboekstaaf word as 'n burger en landseun, wat alles vir sy volk feil gehad het."[124]

Ofskoon Charlie as jong man ietwat voortvarend was, waarskynlik ook teweeggebring deur die belangrike en welgestelde familie waaruit hy gestam het, en later in sy lewe as politikus genadeloos op opponente kon toeslaan, terwyl onaangename struwelinge met van sy broers oor finansiële sake sy pad gekruis het, het sy privaat en openbare lewe hom sodanig geslyp dat die stadsraad se huldeblyk na sy dood tereg gelui het: "His breadth of view, his charm of manner, his hospitality and his generosity won him warm friends wherever he went, while his sporting activities, accompanied by the golden gift of oratory, singled him out for distinction far above his fellows. Among his many friends his geniality and his wit, his warmth of heart and his unfailing optimism will always be gratefully remembered." [125]

---

121 VPAB: *MHG 16211*, Boedel en Sterfkennis Charles Gustav Fichardt, 1923.
122 Geyser & Marais (reds.), p. 242; Packer, p. 62.
123 Vgl. o.a. *Cape Times*, 31.5.1923; *The Friend*, 31.5.1923; *Die Volksblad*, 31.5.1923.
124 *Die Volksblad*, 31.5.1923.
125 *The Friend*, 4.6.1923.

Charlie was ongetwyfeld opreg in sy strewe om land en volk te dien te midde van al die politieke woelinge van die dag en nooit het hy die indruk gelaat dat hy dit om eie gewin doen nie. Enkele jare voor sy dood, maak hy sy hart oop teenoor sy bejaarde goewernante wat so 'n groot rol in sy jeugjare en opvoeding gespeel het. In dié brief, wat hy in Kaapstad skryf waar hy die Volksraadsitting bywoon, meld hy ook sy hunkering na die plaaslewe en rus:

> "Ah me, if we could only have remained outside all the strivings and hatings, and retained our happy and simple little republic, how much easier life would have been. We are well and long desperately for Brandkop, and the peace of the farm life. If it were not that I feel that I owe a duty to my country and people I should give up this demoralising life, and selfishly devote myself to my own comfort, and my own affairs."[126]

ERKENNINGS

'n Woord van dank aan die Nasionale Museum vir die geleentheid om hierdie studie te publiseer, asook aan die beoordelaars, prof. Jaap Steyn (voorheen verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein) en prof. Charl le Roux (voorheen verbonde aan die Departement Geskiedenis,Vista Universiteit, Bloemfontein). Die personeel van die Vrystaatse Argiefbewaarplek en die stadsbiblioteek van Bloemfontein word ook bedank vir hulle vriendelike diens en hulpvaardigheid.

BIBLIOGRAFIE

I ARGIVALE BRONNE

VPAB: Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek, Bloemfontein

Argief van die Stadsklerk van Bloemfontein (MBL)

MBL 3/1/4, Burgemeestersverslag, 1895/96.
MBL 3/1/5, Burgemeestersverslag, 1896/97.
MBL 1/1/1/7, Stadsraadsnotule, 1894.
MBL 1/1/1/8, Stadsraadsnotule, 1897.
MBL 1/1/1/9, Stadsraadsnotule, 1898.
MBL. 3/1/11, Jaarboek tot einde Desember 1906 (Burgemeestersverslag).
MBL 3/1/12, Jaarboek tot einde 1907 (Burgemeestersverslag).
MBL 3/1/12, Jaarboek tot einde 1907: Verslag van regeringskommissie rakende administrasie en finansies van Bloemfontein, 18.11.1907.
MBL 1/1/1/13, Stadsraadsnotule, 1907.

Argief van die Koloniale Sekretaris van die Oranjerivierkolonie (CO)

CO 113, 4888/2, Articles missing from Mr. Chas. Fichardt's house, 1902.
CO 558, 905/02, Mr C. G. Fichardt, Government Director National Bank of the ORC – 4 months leave of absence, 1909.

Argief van die Goewermentsekretaris (GS)

GS 1806, R1980/98, C.G. Fichardt gekozen als Burgemeester, 1898.

[126] VPAB: *A328*, 47, C. Fichardt – M. Smith, 7.4.1919.

Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (HG)

HG 4/2/1/1/5, nr. 259/1908, The Town Council of Bloemfontein / Charles Gustav Fichardt, 1908.
HG 4/2/1/1/3, nr. 259/1908, The Fichardt Estate / The Town Council of Bloemfontein, 1908.
HG 4/2/1/1/94, nr. 995/1914, Arthur Emanuel Fichardt / Fichardt Estates Limited, 1914.
HG 4/2/1/1/181, nr. 127/1920, Artur Emanuel Fichardt / Charles Gustav Fichardt, 1920.
HG 4/2/1/1/159, nr. 187/1918, Everard Walter Fichardt / Charles Gustav Fichardt, 1918.
HG 4/2/1/1/94, nr. 995/1914, In the High Court, 1914.
HG 4/2/1/1/94, nr. 995/1914, In the High Court, 1914.

Argief van die Meester van die Hooggeregshof (MHG)

MHG 16211: Boedel en Sterfkennis, Charles Gustav Fichardt, 1923.
MHG 16300: Sterfkennis Valerie Marie Caroline Fichardt, 1923.

Aanwinste – Privaatversamelings (A)

A 508: Die Argief van die sekretaris van die Ramblersklub: 1896-1965.
A 328: P.U. Fischer-versameling.
A 759: Charles (Charlie) Gustav Fichardt-versameling (ongeorden).

Pamflette
PAM 968.5, G.A. Fichardt Bpk. Bloemfontein 1848-1948 (smstl. G.J. Pienaar), 1948.

II PERIODIEKE PUBLIKASIES

Cape Times, 1923.
De Vriend des Volks, 1908, 1913.
Die Burger, 1991.
Die Volksblad, 1923, 1940, 1947, 1948.
Government Gazette, 1907.
The Bloemfontein Post, 1908.
The Daily Express, 1894, 1897, 1898.
The Friend, 1895-1898, 1905-1908, 1923, 1930, 1950.

III LITERATUUR

Fichardt Pieterse, Z. *Rykdom en Rafels* (ongepubliseerde manuskrip), 2011.

Geyser O. & Marais, A.H. (reds.), *Die Nasionale Party* I. Kaapstad, 1975.

Haasbroek, J. *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat* (Memoirs van die Nasionale Museum, Bloemfontein, 23, 1987).

Haasbroek, H. *'n Seun soos Bram – Die lewe van Bram Fischer en sy ma Ella*. Kaapstad, 2011.

Packer, J. *Pack and flow- One person's adventures in four different worlds*. Londen, 1950.

Schoeman, K. *Bloemfontein – Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad, 1980.

Schoeman, K. *In liefde en trou – Die lewe van pres. en mev. M.T. Steyn*. Kaapstad, 1983.

Schoeman, K. *Boukunsskatte van die Vrystaat*. Pretoria, 1985.

Schoeman, K. (red.), *Pen Pictures of the past* (deur Maude Bidwell). Kaapstad, 1986.

Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA), 4.

Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, II, III.

Swart, M.J., Nel, P.G. e.a. (reds.), *Afrikaanse kultuuralmanak*. Johannesburg, 2006.

Truter, E. *Tibbie: Rachel Isabella Steyn 1865-1955 – Haar lewe was haar boodskap*. Kaapstad, 1997.

Twentieth century impressions of the Orange River Colony and Natal, 1906.

Van der Bank, D.A. (red.). *A voice from Bloemfontein – The reminiscences of Gustav Adolph Fichardt* (Memoirs van die Nasionale Museum, Bloemfontein, 19, 1984).

Van der Bank, D.A. *Die stryd om die behoud van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie, 1902-1910* (ongepubliseerde Ph.D.-tesis, 1993, UV).

Van Schoor, M.C.E. *Christiaan Rudolph de Wet – Krygsman en volksman*. Pretoria, 2007.

IV ARTIKELS

Haasbroek, J. Die rol van dr. B.O. Kellner in Bloemfontein 1863-1918, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 20(4), 2004.

Haasbroek, J. Die rol van Wolff Ehrlich in Bloemfontein, 1877-1915, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 22(3), 2006.

Haasbroek, J. Die gebeure wat gelei het tot die bedanking van die Bloemfonteinse stadsraad in 1907, *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 23(2), 2007.

Haasbroek, H. Nakie Smith (1845-1947) – Goewernante van die bekende en welaf Fichardt-familie van Bloemfontein, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 24(2), 2010.

V INTERNET

"Sanlam": http://www.car-home-insurance.net/south-africa/chi-sanlam.html; http://en.wikipedia.org/wiki/Sanlam, geraadpleeg 11.7.2011

"Charlie Fichardt": http://en.wikipedia.org/wiki/Charles_Fichardt , geraadpleeg 11.7.2011.

VI PERSOONLIKE MEDEDELINGS

Zaza Fichardt Pieterse, Bloemfontein, 4.6.2012.

REDAKSIONELE KOMITEE

Redakteur: M.F. Bates, Ph.D. (Stellenbosch); **Mederedakteur (Natuurwetenskappe):** R.J. Nuttall, M.Sc. (Natal); **Mederedakteurs (Geesteswetenskappe):** J. Haasbroek, D.Phil. (UOVS), S. Moodley, M.A. (Wits).

Raadgewende Redakteurs: Prof. C. Chimimba (Departement Dierkunde en Entomologie, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika); Dr. J. Deacon (Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap, Kaapstad, Suid-Afrika – afgetree); Dr. A. Dippenaar-Schoeman (LNR – Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria, Suid-Afrika); Dr. A. Kemp (Noordelike Vlagskip Instituut, Natuurhistoriese Museum, Pretoria, Suid-Afrika - afgetree); Dr. D.T. Rowe-Rowe (Natal Parkeraad, Pietermaritzburg, Suid-Afrika - afgetree); Prof. B.S. Rubidge (Bernard Price-instituut vir Paleontologiese Navorsing, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, Suid-Afrika); Prof. A.E. van Wyk (Departement Plantkunde, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika); Prof. A. Wessels (Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika).

Bestel van: *Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein 9300, Suid-Afrika.*
E-pos: library@nasmus.co.za

VOLUME 26 2010

Part 1: **Le Roux, C.** J.R. Cooper as Township Manager of Mangaung at Bloemfontein 1923-1945 1

Part 2: **Hugo-Coetzee, E.A.** Two new species of *Austrocarabodes* (Acari: Oribatida: Carabodidae) from South Africa: *A. mahunkai* and *A. lineasetosa*.....45

Part 3: **Bates, M.F., Pietersen, D.W. & Measey, G.J.** New amphisbaenian records for the Northern Cape, South Africa.....61

VOLUME 27 2011

Part 1: **De Ruiter, D.J., Churchill, S.E., Brophy, J.K. & Berger, L.R.** Regional Survey of Middle Stone Age Fossil Vertebrate Deposits in the Virginia-Theunissen area of the Free State, South Africa.....1

Part 2: **Lotz, L.N.** The genus *Cheiracanthium* (Araneae: Miturgidae) in the Afrotropical Region. 3. Description of four new species 21

Part 3: **Du Bruyn, D.** 'Township Topiary': The history of the English-style gardens of Batho, Mangaung (1846-1948).....37

Part 4: **Bauer, A.M., Heinicke, M.P., Jackman, T.R. & Branch, W.R.** Systematics of the *Pachydactylus mariquensis* group of geckos (Reptilia: Squamata: Gekkonidae): Status of *P. mariquensis latirostris, P.m. macrolepis* and *P. amoenus*.....85

JOURNAL OF THE NATIONAL MUSEUM, BLOEMFONTEIN *

* WORLD LIST ABBREVIATION: Navors. nas. Mus., Bloemfontein